

Hoofstuk IV

DIE INHOUD EN OMVANG VAN 'N KURSUS IN DIE OPVOED- KUNDIGE SOSIOLOGIE

A. In aansluiting by Mannheim noem ons drie probleme waarmee elke onderwyser op hoogte van sake moet wees voordat ons die inhoud en omvang van opvoedkundige sosiologie vir 'n opleidingskursus aanbied.

(a) "that the control of modern society is impossible without intimately knowing how that society works, (b) that Sociology has become an established subject during the last decades in all important countries, (c) that education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology."⁴⁹⁾

In hierdie verband verwys ons na die opvoedkundige sosiologie en sy aansluiting by die algemene sosiologie, met die klem veral op afdeling (e) "Social change and social disorganization or the study of the broad transformations going on in society, the manner in which they affect institutions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem situations which men confront."⁵⁰⁾

Na aanleiding hiervan, kom die vraag wat ons moet beantwoord by ons op. Wat moet die kwekeling-

49) Mannheim K.: Sociology for the Educator and the Sociology of Education, in Sociology and Education. Addresses given at the Winter School of Sociology and Civics organised by the Institute of Sociology (Le Play House) at St. Hilda's College, Oxford, Jan., 1943: edited by D.M.E.Dymes, M.A., bls. 4.

50) Wirth L.: International Social Change Bulletin. Bls. 199.

onderwyser(-es) weet van die gemeenskap?

Om dit te bereik lei ons tot die vraagstelling: Wat moet hy of sy weet van sosiologie?

Die sosiologie antwoord:

1. "To give him the tools of sociological analysis, the groundwork of this branch of knowledge."⁵¹⁾

Hy moet die elementêre sosiale prosesse, waaruit die komplekse sosiale prosesse opgebou word ken.

2. Sosiologie moet hom of haar help om die gemeenskap te verstaan - met ander woorde, die hoof-oorsake van die sosiale, ekonomiese en geestelike veranderinge wat in 'n krisistoestand is.

Hierdie analise behoort 'n onderwyser in staat te stel om met 'n doelbewuste onderwys gesonde ideale en doelstellings te verwesenlik, en

3. Om bewus te wees van daardie feite wat van belang is vir die plek van onderwys en opvoeding in die sosiale orde.

Om 'n voorbeeld te noem, die onderwyser begeer dan ook om sy werk te koördineer met die invloede van die gesin, gemeenskap, kerk, fabriek en maatskaplike sorg of werk.

Dit verg natuurlik, dat hy of sy kennis moet dra van die sosiologiese betekenis (significance) van hierdie instellings om hulle bydrae tot die opvoeding en onderwys te kan peil.

4. "To provide him with courses and seminars which show him how to apply the sociological method of analysis to situations and issues peculiar to the profession of teaching. We shall have to convey to him some of the results of the recently-developed

51) Mannheim K.: Sociology and Education. Bls. 5.

Sociology of Teaching." ⁵²⁾

In hierdie verband laat Stewart hom as volg uit: „Education interpreted as an expression of the cognitive and emotive capital which a society seeks to preserve, must be an important field of study for sociologists." ⁵³⁾

Mannheim gee so 'n tentatiewe inhoud van die Kursus in Sosiologie vir die Opleiding van Onderwysers, wat hy in drie afdelings met 'n onder-verdeling van elkeen maak:

Die voorgestelde drie afdelings is:

- A. Sosiologie vir die Onderwyser;
- B. Sosiologie van die opvoeding en onderwys en
- C. Sosiologie van Onderwys gee.

Hy gee die volgende voorgestelde Kursus in Sosiologie:

A. Sosiologie vir die Onderwyser.

I. Die Menslike Aard en die Sosiale Orde.

1. Die Wetenskap van die menslike Gedragswyse. Bespreking van vrae soos:

(a) Tot welke mate kan die menslike natuur gewysig (mould) word deur die gemeenskap? Kennis van psigologie, soos byvoorbeeld, wat ons weet van instink,

52) Ibid., bls. 6.

53) Stewart: The Sociological Review. Vol. XLII. Section One. 1950. Bls. 22 - 23. Martin Buber verduidelik hierdie punt as volg in: Between Man and Man. (Kegan Paul. 1947) „What we term education, conscious and willed, means a selection by man of the effective world: it means to give decisive power to a selection of the world which is concentrated and manifested in the educator. The relation in education is lifted out of the purposely streaming education by all things, and is marked off as purpose." Bls. 89.

gewoontes, gewoontevorming, ens., is hier nodig, dog altyd met verwysing na die sosiologiese probleem, met ander woorde, in welke mate hierdie sosiologiese verskynsels in verband staan met die gemeenskap.

(b) Die konsepsie van onderwys, nagraadse-onderwys, heropvoeding, kondisionering, de-kondisionering en her-kondisionering van gedrag.

(c) Hoe die gemeenskap die mens beïnvloed en hoe dit verskillende sosiale omgewings skep. Die persoonlikheidsvervormingsinvloede wat ontstaan uit die elementêre sosiale prosesse, soos byvoorbeeld, kontakte, koöperasie of samewerking, konflik, akkommodasie, assimilasie. Die probleem van konflikte, hoe om individuele en sosiale konflikte te benader. Analise van hierdie elementêre sosiale prosesse lewer 'n goeie geleentheid vir die bespreking van morele probleme waarin opgesluit is die menslike verhoudinge, hoe enkelinge behoort saam te lewe, wat is die gesonde en verwronge verhoudinge tussen individue en groepe, met ander woorde, ook die vraagstuk van sosiale norme kom hierby te pas.

(d) Kan iemand deur die sosiale prosesse alleen en hulle kontrole opgevoed word? Wat is die verskil tussen persoon-tot-persoon-onderwys en onderwys deur groepe en sosiale kragte. Die verskil tussen opvoedkundige inpropping in onderwys en individuele kompetisie, gekontrasteer met groepskompetisie. Die skepping van spangees.

2. Oorsake van Individuele en Sosiale Disorganisasie.

(a) Die rol van aggressiwiteit en vrees, in die proses van sosiale disorganisasie.

(b) Die disorganisasie van persoonlikheid wat

heel dikwels voorkom tussen twee beskawingspeile as gevolg van 'n oorgangstadium tussen twee vorme van organisasie.

(c) Die disorganisasie van gebruike, gewoontes en waarderingsoordele binne 'n groep, as een van die hoofoorsake van individuele disorganisasie.

(d) Uitwerking van werkloosheid as een van die vernaamste simptome van hierdie disorganisasie gesien in die lig van hierdie kennis.

3. Prestige, Leierskap en die Sosiologie van waardes.

(a) Die sosiologiese en psigologiese benadering tot die vraagstuk van waardes.

(b) Verskillende waardes by verskillende nasies en volkere, bevolkingslae, professionele groepe, ens.

(c) Sosiale verandering en die verandering van waardes.

(d) Sosiologiese prosesse verbind met waardes, byvoorbeeld, waarde-assimilasie, waarde-standaardisering, waarde-bemiddeling of -versoening, ens.

(e) Die betekenis van status en rol in die gemeenskap: selfrespek, die skepping daarvan en hoe die gemeenskap dit kontroleer deur die enkelinge. Lewensroeping as 'n sosiale verskynsel en as een van die vorme van lewensinrigting.

II. Die Invloed van Sosiale Groepe op die Individu.

1. Oorspronge van Groepsvorming.

Hoekom word groepe gevorm, wat is hulle eienskappe? Wat is die verhouding van die groepe tot mekaar? Hoe word die enkeling gevorm deur die groep en hoe word hy gevorm deur verskillende groepe?

2. Die Huisgesin as 'n opvoedkundige instelling en sy huidige probleme.

Die veranderende funksies van die huisgesin, die veranderende posisie van die vrou. Opvoeding van Ouers, Volwasse-Onderwys, Heropvoeding van Volwassenes.

3 Die Gemeenskap as 'n opvoedkundige instelling en sy huidige Probleme.

Gemeenskap en omgewingstudies. Studie van huislike omstandighede en buurskap. Wanneer verflou en verdwyn die saamhorigheidsgevoel? Hoe om opvoedkundige kragte van die huisgesin, omgewing en gemeenskap te herstel en indien nodig, te herskep.

4. Probleme van Arbeid en Vryetydsbesteding.

(a) Die verandering van die handwerkgemeenskap tot 'n industrieële maatskappy, die uitwerking daarvan op die arbeid en tot arbeidslus, inisiatief, ambisie en skeppingsvermoë.

(b) Die oorgang van die ou weë en wyses van gemeenskaplike tydsverdryf tot die moderne massagenietinge. Vryetydsbesteding in die eeu van die masjien waar massaproduksie die individuele produksie met skeppingsvermoë, sy inisiatief, ambisie, ens., verdring het en die mens geword het 'n masjinale nonentiteit - 'n radjie in 'n groot kamrad! Gekommercialiseerde vryetydsbesteding. Staatsgedikteerde vryetydsbesteding. Konstrasteer hiermee, die gesonde christelike opvatting van vryetydsbesteding!

(c) Die probleme van gelykskakeling en neerhaal van kultuur in 'n massa-gemeenskap. Die kultuur van die bevolkingslaag (welgesteldes,) vir wie die hele werksdag eintlik nuttelose vryetydsbesteding beteken.

(d) Sosiologie van die Jeug, met betrekking tot sy arbeid en Vryetydsbesteding.

III. Sosiale Struktuur.

1. Die staat as Oorkoepelingsgemeenskap.

Die verhouding van die afsonderlike selfstandige gemeenskappe binne hierdie oorkoepelingsgemeenskap.

2. Eiendom in ons Moderne Wêreld.

Die veranderende opvattinge insake eiendom.
Die verskillende vorme van eiendoms-kontrole.
Onteining en die alternatiewes.

3. Klasse-struktuur en klasse-konflik.

4. Vorme van Sosiale Verandering.

Die betekenis van tegniese uitvindings en kultuur vervorming. Die verskil tussen rewolusie en hervorming. (Demokrasie, as daardie lewensvorm wat hierdie sosiale verandering op die mees bevredigende wyse kan lei.

5. Analise van sommige van die hoofkenmerke van die huidige Sosiale orde.

Die bou en onderbou van 'n progressiewe christelike demokrasie en Demokrasie gekonstrueer met Totalitarisme.

B. Sosiologie van die Opvoedkunde.

1. Skool en gemeenskap.

Die verhouding tussen Formele en Informele Onderwys. Die onderlinge verband tussen die taak van die skool, die huis, die industriële orde, en ander sosiale instellings.

2. Sosiologie van Opvoedkunde in sy Historiese Aspekte.

(a) Doelstellinge en Ideale van Opvoedkunde.
'n Historiese oorsig van hoedat die opvoedkundige idees, beginnende by die Griekse gemeenskap, verander

het, met betrekking tot die sosiale orde. Stryd tussen verskillende opvoedkundige opvattinge binne dieselfde gemeenskap.

(b) Opvoedkundige metodes en die verandering daarvan in verband met die veranderende sosiale struktuur. Vanaf die skolastiese metode, tot die projek-metode en om te leer uit ervaring. Die huidige neiging tot integrasie, van kennis as 'n reaksie teen oorspesialisasie. Beplande gemeenskap en die nuwe metodes van opvoedkunde. Opvoedkundige tegnieke in verband met propaganda, publieke opinie, godsdiens.

(c) Vormende invloede wat voortspnuit uit die Opvoedkunde van die verlede en die hede. Skepping van die sosiale tipe. Skepping en kontrole oor die professionele standaarde. Die probleem van Privaat-skole en die Universiteite.

3. Die Skool en die Sosiale Orde.

(a) Sosiale seleksie of groepering van die skoolbevolking.

(b) Selektiewe funksie van die opvoedkundige proses.

(c) Die sosiale toestande wat die opvoedkundige organisasie be-invloed; kurrikulum-inhoud.

(d) Vergelykende studies in die opstel van die kurrikulum of leerplan.

C. Die Sosiologie van Onderwys gee.

Van hierdie huidig-ontwikkkelende tak van kennis, kies Mannheim slegs enkele onderwerpe wat ter sake is:

1. Die Sosiologiese Interpretasie van die lewe binne die skool.

(a) Die funksie van die skool in die

oordraging van sosiale erfgoed.

(b) Dosering van sosiale verandering: die skepping van dinamiese impulse en veelsydigheid, wat ons in staat stel om die verandering te bekamp.

(c) Die bende-stadium en die sosiaal-psigologiese belangrikheid van bendes op die Jeug.

(d) Die betekenis van seremonies en speletjies.

2. Die Onderwyser-leerling Verhouding.

(a) Onderwys as instelling van leierskap. Behoort die onderwyser vriend, maat, leier, outoriteit en gesagsdraer te wees?

(b) Sosiale afstand in die onderwyser-leerling verhouding.

(c) Konflik tussen onderwyser en leerlinge. Twis tussen onderwyser en klas. Die teorie van konflik toegepas op die skoollewe.

(d) Die beroepstipe onderwyser. Sy rol in die skool en die gemeenskap. Onderwyser stereotipes.

3. Probleme van skoolorganisasie.

Tipiese oorsake van agteruitgang van instellings. Gevare van Formalisme. Die funksie en betekenis van die administratiewe personeel, ens.⁵⁴⁾

So het ook Ginsberg 'n studiekursus uitgewerk waarin die basiese behoeftes uiteengesit word, meer met die oog op die huidige posisie van die sosiologie. Sy eerste behoefte, is 'n ondersoek van die sosiale struktuur van Brittanje en daarna, indien daar nog beskikbare tyd is, die sosiale struktuur van

⁵⁴⁾ Mannheim K.: Sociology and Education.
Bls. 6 - 9.

ander lande. Daarna volg enige bedenkinge oor sosiale instellinge en 'n sosiologiese behandeling van godsdiens, sedeleer en wet. Verder volg daar werk, by name „sosiale biologie“ en sosiale psigologie, en, na 'n kritiese studie van die teorieë en metodes van sosiologie, wil hy graag nog 'n plek vind vir sosiale filosofie.

Die eise wat sulke kursusse stel aan Universiteite en Opleidingskolleges, sal nie met die opleiding van onderwysers verander nie, maar andersyds is daar te min doserende leerkragte wat op hoogte is met sosiologie en opvoedkunde, om die werk deur te loods.

Die moeilikhede wat daar op die oomblik bestaan, kan egter opsy geskuif word, want die vraag is, behoort sosiologie ingesluit te word in die opleidingskolleges se professionele studiekursus, of, ten minste die Sosiologiese benadering tot die opvoedkunde, of nie? Hierop is reeds bevestigend geantwoord.

Hierdie indeling is aan die eenkant te breed vir 'n tweejarige professionele opleidingskursus, terwyl dit vanuit die gesigshoek van 'n volledige kursus weer te beperk is.

Mannheim doen aan die hand dat 'n keuse gemaak word uit die afdelings, om die regte kombinasie te vind wat in ooreenstemming is met die eise en behoeftes van die konkrete situasie.

Hier moet egter gewaak word teen 'n opvatting by studente wat hulleself die reg mag toeëien as „sosioloë“ of „sosioloë van die opvoedkunde“, terwyl dit hulle totaal ontbreek aan enige sistematiese kennis daarvan.

Ons keuse en kombinasie vereis 'n besondere studie en ontwikkeling van die onderwerpe, omdat ons dit meer-en-meer in die toekoms verskuldig is aan die

verantwoordelike werk in die gemeenskap.

Wat is nou die verantwoordelike werk wat deur die onderwyser in die gemeenskap gedoen moet word?

Hierdie vraagstelling lei ons tot die bespreking van aspekte binne die skoollewe, wat 'n volgende onderwerp van bespreking is met betrekking tot die inhoud en omvang van 'n kursus in die opvoedkundige sosiologie.

Die onderwyser het te make met 'n opvoedkundige instelling in 'n gemeenskap, waar dit sy lewensroeping en -taak is, om die kinders wat daar byeengekom het om onderwys te ontvang en te leer, voor te berei en toe te rus vir die lewe, met 'n toekomstvisie en inagneming van die sosiologiese perspektief van die kind met betrekking tot sy „hele” opvoeding, sodat die kind later as volwassene aangepas, ingepas en met beheersing sy plek kan vol staan as 'n volwaardige persoonlikheidswese in 'n bepaalde gemeenskap.

Afgesien van die tentatiewe inhoud van 'n kursus in Opvoedkundige Sosiologie wat Mannheim voorstel, bespreek ons ook nog die volgende vraagstukke waarvan die kwekeling onderwyser(-es) kennis moet dra onder B:

B. Instellinge van 'n Gemeenskap.

1. (a) Instellinge van 'n Gemeenskap.

(b) Wat verstaan ons in die algemeen onder opvoedkundige instellinge?

(c) Die skool as opvoedkundige instelling in 'n gemeenskap.

2. (a) Sosiologie en die Skoolkurrikulum.

(b) Sosiologie en die Skoolleerplan: die afsonderlike vakke.

3. Die klaskamer sosiologies beskou. Dissipline en Orde.

4. Die Sosiologie van onderwys gee.
5. Opvoeding en onderwys vir kultuur.
6. Sosiologie en Waardes.

(a) Sosiologies gesproke verteenwoordig 'n instelling: "..... a formalised expression of certain social relationships expressing itself in regulations, in modes of procedure, in ritual and ceremony."⁵⁵⁾

Instellinge in 'n gemeenskap moet dus voorsien in die behoeftes van die mens, soos byvoorbeeld fisies, sosiaal, ekonomies, verstandelik en geestelik.

Uit hierdie behoeftes van die mens is gebore 'n veelheid van instellinge wat weens die besondere aard van die behoeftes daardie belanghebendes saamtrek in die geheel.

Die vernaamste instellinge in die samelevingsverband wat veral opvoedkundige en sosiologiese betekenis en waarde besit, is die volgende: die gesin; eiendom; owerheid en die staat; bevolkingstruktuur en die verhouding tussen die bevolkingslae; industrieë en vorme van broodwinning; die skool en verwante liggame; meganiese en gemeganiseerde bronne vir die verspreiding van kennis; ontspanningsinstellinge; die Kerk, ens.

Weinig van hierdie instellinge in die sameleving besit geen opvoedkundige betekenis nie, sommige egter baie meer as andere.

Dit lei ons tot die vraagstuk van

55) Samevatting van Campbell Stewart: The Sociological Review. Vol.XLII, Section One. 1950. bls. 27, uit R.M.MacIver: Society: A Textbook of Sociology. New York. 1937.

(a) Die Opvoedkundige Instellinge in 'n Gemeenskap.

Behalwe die skool, is daar instellinge in die samelewing, waarvan die opvoedkundige belangrikheid reeds erkenning geniet terwyl die opvoedkundige belangrikheid in ander gevalle nog wag op antwoord.

Hierdie instellinge sluit die volgende groepe in: die huisgesin; die bende; vrywillige organisasies soos die Voortrekkerbeweging, die Boy Scouts en Girl Guides, die Landsdiensorganisasie en ander Jeugdiensorganisasies van algemene aard; die Kerk; Lektuur; die Radio; die Rolprent en die Strokiesfilm; Kunswedstrydverenigings en alle ander vorme van vermaak en afleiding.

Ongetwyfeld is al hierdie instellinge, of altans die grootste deel daarvan, van opvoedkundige betekenis vir die jeug wat in ons gemeenskap opgroei.

Menigmaal is die belangstelling van die jeug in hierdie instellinge van so 'n aard dat dit meeding met die skool, somtyds vul hierdie belangstelling in die instellinge die belangstelling van die skoolgaande jeug aan.

Wat die geval ookal mag wees, is dit egter wenslik om kennis te dra van die verskeidenheid van rigtinge en omvang van die instellinge met direkte vormende invloed en verantwoordelikheid.

Dis ook van belang om uit te vind of daar 'n daadwerklike of moontlike algemene strategie met die skool bestaan.

In hierdie verband is daar 'n werkie van Marjorie Reeves naamlik „Growing Up in a Modern Society," waarin die rigtinge, invloede en omvang van verskillende instellinge met hulle vormende

waarde op die jeug behandel word.

Onder die groepe van opvoedkundige instellinge wat van besondere betekenis en waarde vir die opleiding van Onderwysers is, noem ons die Skool.

(b) Die Skool as Instelling in ons Gemeenskap.

In die historiese oorsig van die opvoeding en onderwys, die sosiologie en die vraagstuk van sosiale bewustheid is daarop gewys dat baie vorme van gemeenskapslewe geen skool as instellinge benodig het om die verantwoordelikheid te dra om die jeug voor te berei, om hulle omgewing te verstaan met 'n besef van die taak wat op hulle wag nie.

Die ouer lede van die gemeenskap, die familietaak, stamkonvensies en rites, die minder gekompliseerde tegniese standaard van lewe, het alles saamgespan om die jeug te „onderwys” volgens die lewenswyse van hulle voor- en grootouers. Hierdie feite is die resultaat van antropologiese studies.

Die mens as opvoedbare wese het die kultuurprodukte oorgedra na die Westerse beskawing wat gelei het tot 'n verbreking van hulle slaafsheid in die Middeleeuse landelike gemeenskap.

In die moderne tyd het die Renaissance met sy verligtingstydperk gekom, waardeur die mens in en deur sy omgewing aan die behoeftes van die bepaalde tyd voldoen het.

Die skool as instelling in ons gemeenskap, moet voorsien aan 'n behoefte wat bestaan in 'n vrywel komplekse gemeenskap.

Daar is verskillende soorte skole, met verskillend gedifferensiëerde funksies in hierdie

komplekse gemeenskap: ons vind die laerskool en die hoërskool, wat te make het met die verskillende groeistadia tot volwassenheid.

Maar hierdie skole, dit is, elementêre en sekondêre skole, het ook 'n sosiale funksie om te vervul.

Hierbenewens is die funksie ook nog opvoedkundig, want hulle rus op die verskillende peilvlakke van verstandsvermoë of geskiktheid, om in die latere stadia te beantwoord aan die doelstelling van elke tipe skool.

Van hierdie funksies van die verskillende skole sê Stewart: "The interplay of these aspects of the differences in our schools is the sociological context of education according to age, ability and aptitude.

Part of the task of educational sociology in this country is (in order to see the situation as it is and how it has come about) to disentangle in the "institution" of school what social and economic conditions have so tangled in past history.⁵⁶⁾

2. Sosiologie en die Kurrikulum.

In die "publieke" skole van Engeland was in die verlede "liberale" onderwys gegee, daardeur dan ook die beskuldiging dat "nuttige" idees geleer word. Soos dit uitgedruk word: "A classical education is that which enables you to despise the wealth it prevents you from achieving."⁵⁷⁾

56) Stewart: The Sociological Review. Vol. XLII. Section One. 1950. Bls. 28., geneem uit die hoofstuk van Gray and Moshinsky. Political Arithmetic. (ed. Hogben.)

57) Ibid.: Hoofstuk uit Gray and Moshinsky in Political Arithmetic (ed. Hogben.) Bls. 28.

In die armskole („Charity Schools") en elementêre skole was dit die voorreg van die jeug om ervaring wat nuttig is op te doen van die eenvoudiger bedrewenheid van die volwassenes, wat behoort het tot die laer bevolkingslae.

In Suid-Afrika word die beskuldiging juis gedoen, dat die onderwysberoep die meeste rekrute trek uit die minder gegoede bevolkingslae, omdat die onderwysberoep lenings voorsien waarmee die kwekeling-onderwysers kan kwalifiseer.

Met hierdie voorbeelde as uiteenlopende uiterstes het die sosioloog te doen. Dis met hierdie soort vrae waarmee die sosioloog te kampe het in verband met die kurrikulum.

Wat is die veranderinge in die samelewing wat verskillende probleme, of aspekte van probleme in die skole bring? Op welke wyse en hoekom verander die metodes van onderwys?

Die sosiale filosowe: Havighurst, Loeb en Warner, in „Who shall be Educated," sê, 'n totaalvisie van ons huidige menslike samelewing en die psigologiese vermomming van die mense daarin, vereis, dat 'n genoegsame skoolleerplan, doelstellinge soos die volgende behoort te hê:

i. „Om kinders te leer, om in 'n samelewing met mekaar te verkeer en deel te hê aan 'n gemeenskaplike kern van tradisie en waardes om uit te put.

ii. Om kinders die vaardighede te leer, om die ekonomiese lewe van die samelewing voort te sit. Hierdie vaardighede, moet vanselfsprekend eers algemeen wees in die sin dat die kinders kan lees, skryf en reken.

Eers later word in hierdie vaardighede gespesialiseer, maar dan nog verbind met ander moontlikhede.

Dit is wat inderdaad in die skool gebeur.

iii. Om kinders te help om hulle voor te berei vir die lewe: met 'n eie beskouing en 'n gesonde kritiese oordeel, en indien nodig, verandering te maak van die sosiale orde waarin hulle leef.

iv. Om te selekteer en voor te berei vir bepaalde, relatiewe verantwoordelikheid. Die moderne skool selekteer en berei die kind as geheel voor vir sommige verantwoordelikhede, en nie vir ander nie. So selekteer en berei die Universiteit studente voor, vir die algemeen verskillende peilvlakke en verantwoordelikheid in die menslike samelewing.

Al verander en verskuif die opvoedkundige neiging dan ook, bly die selektiewe proses 'n noodsaaklike deel van die skool se funksie, en al is hierdie funksie dan ook bysaak, is daar nogtans baie geleenthede vir uitsondering.

v. Deur die sosiale instelling van die skool en die klaskamertegnieke, word die kinders geleer om saam te leef en te werk, om hulle aan, en in te pas, by die sosiale outoriteit in die vorm van groepsopdragte, die reëls en wette wat grotendeels deur die volwassenes van die gemeenskap gemaak en gehandhaaf word.

vi. Om persoonlike waardes aan te moedig: moreel, esteties en religieus.

Stewart sê, hy is dankbaar dat hy kon gebruik maak van die werk „Who Shall be Educated,” deur Havighurst, Loeb en Warner en dat hy gebruik

kon maak van sommige van hulle doelstellinge van
die samelewing.⁵⁸⁾"

Daar is doelstellinge met permanente waardes, geskiedenis, agente van konserwatisme en van verandering.

Sulke beginsels van 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing, moet ongetwyfeld die inhoud van die skoolleerplan beïnvloed en ook die metodes van aanbieding, sodat die onderwysers daarvan bewus kennis moet dra.

Die organisasie en werk van enige skool kan hersien word in die lig van sosiologiese beginsels, met ander woorde, 'n begin kan gemaak word om die skool te sien in sy werklike en potensiële verhouding tot ons samelewing, soos dit is, en soos dit behoort te wees.

In die lig van die bogenoemde, met ander woorde, as ons doel is, om die beste voorwaardes vir volle ontwikkeling te skep, moet ons ons self afvra: Hoe vind die menslike ontwikkeling in werklikheid plaas?

"Dr. Barlow indicated an important principle in this connection. He described how, in foetal development, the faculties of the embryo are evolved until they are capable of dealing with the stimuli of the external environment. Then, after birth, the infant acts selectively with respect to the total possibilities of its environment, attending to such stimuli as are most appropriate to the full realisation of the faculties which are approaching maturity at each succeeding phase of its development. As

each faculty matures it appears to give rise to a state of readiness for, and a dominant interest in, such activities as are appropriate for its exercise. Thus we get a picture of the developing individual selecting spontaneously from his environment what is needed for present exercise and future development.

Thus the first implication of our changed point of view would appear to be material culture and a social order rich enough in variety of opportunity to match individual needs.

Thus, the problem is shifted to the environment, both physical and social. We must strive after higher standards of material culture and community life for the greatest possible number of people,"⁵⁹⁾ en die volmaking van elke individu in die veelkleurigheid.

Die Moderne opvatting van die Skoolleerplan.

"The curriculum is no longer regarded merely as the facts and materials contained in textbooks and outlines, even when these are enlarged to include such publications as songbooks, cookbooks and blueprints. Instead the curriculum is regarded as the series of activities, mental and physical, in which the child engages and from which he acquires the habits, attitudes, and knowledge essential to the realization of the purposes of education. Correspondingly, subject-matter should be considered as constituting the materials with which the activities are concerned and which by their nature, determine to a large degree the character of the activities

59) School. and Society, XV Conclusion by A.Pinsent, bls. 79 - 80.

themselves. In this sense subject-matter may include not merely materials set forth in oral and printed language, but also objects, apparatus, industrial and artistic processes, social organizations and other factors of experience.⁶⁰⁾

"The curriculum must be conceived as a series of experiences of the children, each experience of each child, consisting in the response of the entire organism of the child as an integrated unit."⁶¹⁾

Die kind word doelbewus geplaas in geselekteerde, gesuiwerde, gesistematiseerde en perspektiefverruimde lewensmilieu, wat die ontwikkelingsgang van die kind in 'n bepaalde rigting stuur; die middele wat hiervoor aangewend word, noem ons die leerplan of kurrikulum.

Die middele bestaan uit egte, daadwerklike lewe van die mens se lewensmilieu, ofskoon in 'n gesuiwerde, gesistematiseerde vorm en nie kunsmatige produkte, of skeppinge van die vrugbare mensebrein nie.

Elke skoolpersoneellid moet steeds strewen om die verband van die lewenseenheid, waarvan daardie middele slegs ondergeskikte fases is, te handhaaf en aan die jeug bekend te maak.

Die leerplanne van progressiewe skole word as 'n geheel beskou en in veel minder onderdele ingedeel - vandaar dan korrelasie tussen die vakke, om steeds die aandag gevestig te hou op die eenheid.

Volgens hierdie beginsels word die leerplan opgestel. In Engeland is dié beginsel op 'n

60) Thomas: Principles and Technique of Teaching. Bls. 246.

61) W. Boyd: Towards a New Education. Bls. 202.

konferensie bespreek en aan die hand gedoen, om 'n sintese van skool en gemeenskap daar te stel, met ander woorde, 'n sintese van elke afsonderlike skoolvak in die leerplan en die gemeenskap.

Dit sal egter meebring 'n opleiding van onderwysers in hierdie beginsels, met gevolglike tekort aan onderlegde doserende personeel in die opleidingskolleges en Universiteite; die ouers moet opgevoed word vir hierdie nuwe opvoedingsrigting, wat veel stryd en twis sal afgee; die regering sal betrokke wees hierin; 'n hersiene kurrikulum sal moet opgestel word in ooreenstemming met die doel, metodes, beginsels van die opvoedkundige filosofie en aan die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, met ander woorde, dis 'n nuwe opvoedkundige filosofie. In Engeland, met sy klasseverskil, is so 'n filosofie te verklaar.

In Suid-Afrika is die skoolleerplan opgestel en uit die afsonderlike doelstellings van elke skoolvak, hoewel nie in baie woorde uiteengesit nie, is dit wel tussen die reëls ingesluit.

'n Beskouing oor die leerplan met afsonderlike vakke is as volg:

1. Godsdiensonderwys.

Die waarde van godsdiens as 'n middel tot sedelike en godsdienstige opvoeding is van groot belang. Godsdiens is die hoeksteen van 'n volk se bestaan, daarsonder is die mens soos 'n skip wat doelloos op die onmeetlike oseaan ronddobber, sonder roer, sonder anker en sonder verstewigende ballas.

Elke onderwyser moet die reg van godsdiensonderrig in die skool met alle mag beskerm en uitbou. Daardie onderrig mag nie objektief of kleurloos en

akademies wees nie, maar dit moet binne die dogmas van die Afrikaanse kerke val sonder om kerkisties te wees, en aansluit by die ontwikkelingstadium.

Uit die voorgaande blyk dit duidelik dat godsdiensonderrig nie die werk van enige onderwyser kan wees nie, en verder moet die opleiding van onderwysers vir Bybelonderrig, 'n baie versigtige voorbereiding wees vir die taak wat wag, om gereed te kan wees om verantwoording te kan doen voor God en mens.

Voorbereiding vir die lewe sluit tog in, die lewe duskant én anderkant die graf.

2. Die Moedertaal.

Prof. Laurie bestempel die moedertaalonderwys as „the coping-stone of all teaching, of all instruction” - daarmee gaan alle groot opvoedkundiges en taalkundiges gepaard.

„Our third aim must be the fullest use of the mother-tongue as medium of instruction throughout all stages of learning. Hence, our third ideal must be a mother-tongue school system in which very special attention is given to the learning and the teaching of the mother-tongue.”⁶²⁾

Gelukkig kan ons hier spreek van 'n herstelde sielkundig-sosiologiese waarde van die moedertaalonderrig in die Transvaalse skole wat uitgebuit was vir beginsels en doelstellinge anders as opvoedkundig, omdat dit samevattend neergekom het op 'n aanplaksel van versamelde praktiese feitekennis, as dit ooit so was?

„Hierdie oortuiging is gegrond op twee

62) E.G. Malherbe: Educational Adaptations in a Changing Society:
The Bilingual Problem in South Africa by
Prof. J. Chris Coetzee. Bls. 89.

belangrike groepe van feite wat nie verwerp kan word nie, tensy opvoeding slegs as 'n uiterlike aanplak-sel, 'n versameling van bloot praktiese feitekennis vir die bevrediging van die primitiewe lewensbehoefes van die mens beskou word. Die twee groepe van feite kan geriefshalwe geklassifiseer word as:

- a. Die psigologies-sosiologiese betekenis van die moedertaal;
- b. Die rol wat die moedertaal in die geskiedenis⁶³⁾ gespeel het."

Ons het reeds tevore daarop gewys, dat orals waar daar lewe is, is daar behoefte om uiting daaraan te gee. Hierdie behoefte van alle lewende wesens staan in die nouste verband met daardie wesenstrek van alle lewende wesens naamlik aktiwiteit, wat hom dwing om voortdurend 'n inpassingstryd te voer met sy lewensmilieu.

"Die drie belangrikste vorme van uiting van lewe kan as volg onderskei word:

(a) Spontane, sporadiese uitings van lewens-energie deur middel van gebare, beweginge, geluide ens. Die jong kalfie bokspring en hardloop in kringe deur die veld van pure lewenslus: 'n voëlswerm maal sonder rigbare motief deur die lug.

(b) Bewuste poginge tot selfbeskerming en behoud, hetsy bloot instinktief, gedeeltelik deur ervaring gesistematiseer, of soos by die ontwikkelde mens, willekeurig hoog gerasionaliseer. 'n Dier wat 'n vreemde geluid hoor, vlug in volle vaart weg; 'n hond gaan sit op sy agterpote en smeek om 'n lekker-

63) J. de W. Keyter: Opvoeding en Onderwys. Bls. 187 - 188.

nyttjie wat hy by sy baas gewaar: die mens arbei die hele dag om sy brood te verdien.

(c) Poginge om die behoefte aan sosiale verkeer te bevredig. By alle hoogstaande lewende wesens is daar in mindere of meerdere mate 'n behoefte om met ander van sy soort te verkeer.

Die derde uitingsvorm (c) is vir ons doel van die grootste betekenis. Daardie behoefte aan sosiale verkeer het onder meer, 'n baie belangrike biologiese betekenis omdat samewerking noodsaaklik is vir: (1) die voortplanting van lewe; (2) die ⁶⁴⁾ versorging en ontwikkeling van lewe."

3. Die Tweede Landstaal.

(a) Die opvoedkundige waarde van die Tweede landstaal.

Deur die tweede landstaal word die kind in staat gestel om hom op doeltreffende wyse in die Suid-Afrikaanse lewensmilieu in te pas.

Dis die medium waardeur die twee groot bevolkingsdele in ons land mekaar moet vind vir medersydse waardering en agting vir mekaar in die ontwikkelingstrewes van die twee bevolkingsdele: eenheid van doel in die Suid-Afrikaanse staat. Laat ons in ons onderwys en opvoeding daardie gewetenlose party-politieke uitbuitery vir persoonlike gewin heeltemal uitsluit: die toekoms behoort aan die jeug!

Verder word 'n tweede deur tot 'n gesonde, ryke kultuurbron geopen, wat die individuele, sowel as die volkslewe verryk.

64) Ibid., bls. 188, 189.

Die bevrugting van die ouere kultuur op die jongere kan alleen dan gesonde vrugte afwerp. Die waardevolle uit 'n ander ryk word ingesluit by die eie, om aan te pas by die eie, nasionale gees en lewensmilieu, as 'n innerlik nasionale bate.

Die doelstelling met die invoer van die tweede taal op laerskool om tweetaligheid te verkry, moet nie oorhaastig geskied en ook nie ten koste van die moedertaal nie, want dan is die motief nie opvoeding soos reeds daarop gewys is nie.

Al sou die kind heel maklik twee tale aanleer, dien dit egter slegs as uiterlike instrumente met al die gebreke en oppervlakkigheid. Die taal moet betekenis en inhoud in die siel hê, anders het dit 'n klinkende simbaal geword.

Werklike geestelike inhoud het so 'n taal nie, dit bly vir die kind vreemd en ontoeganklik en verryk nóg sy individuele nóg die volkslewe; die kind se gees moet ryp genoeg daarvoor wees, 'n rypheid wat die moedertaal ontwikkel het, daarna word die tweede taal doelbewus aangebied.

Die strewe is egter om so vroeg moontlik 'n plek daarvoor te gee.

Soos tevore reeds daarop gewys is taal 'n uitings-, 'n omgangs- en 'n leermiddel.

4. Die Geskiedenis se doelstellings is in breë trekke korrek, dog die leerstof of inhoud is nie van die bekende tot die onbekende nie.

Suid-Afrikaanse geskiedenis wat geleer moet word - dit wat vir hom leef, ontbreek in ons huidige leerplanne, en het vir die kind geen waarde nie. Dis nie in ooreenstemming met die uiteensetting van die doelstellinge nie. Suid-Afrikaanse geskiedenis moet

tot-en-met veel hoër standerds geleer word.

Geskiedenisonderwys en Sosiale visie laat ons die vraag stel, wat is die funksie van geskiedenis as 'n vorm van kennis wat in staat is om persoonlike gesindhede, en veral gesindhede tot sosiale gedragswyse en sosiale besluit te bepaal?

„For eager young people the enterprise is full of danger and the safeguard is surely the kind of discipline that a serious study of history can give. By that means we might ensure that all-important third dimension of social study - the dimension of Time and Change.”⁶⁵⁾

So het ~~Clarke~~ in Suid-Afrika sekere oorheersende en kulturele vorme aangetref, waarmee hy nie op hoogte was nie en wat ongetwyfeld die onderwys beïnvloed het.

Hy het toe gesoek na die oplossing wat hom in staat sou stel om dit te interpreteer. Hy het dit organies verbind aan die gemeenskap waarin hy was. Hy het die oplossing gevind in die historiese, die Calvinistiese Reformasie.

Hierdie oplossing van die probleem is, sê Clarke, vir hom heeltemal verstaanbaar. Met so 'n fakkel in die hand kan iemand sy pad suiwerder bewandel in die samelewing.

Om histories te dink, stel die individu in staat om te besluit wat om te doen as sy plig. Individuele trots en respek, gemeenskaplike trots en respek, wedersyds en ook van ander groepe moet gesien word as jou plig - dit is die funksie.

65) Sociology and Education, History Teaching and Sociology, F. Clarke, bls. 90.

Daar bestaan dan ook 'n noue verband tussen moedertaal en geskiedenis. Deur die eeue heen word bewys dat verspreiding van mag gepaard gaan met verspreiding van taal. Die veroweraar gryp altyd gou na middels om die moedertaal van sy slagoffer te onderdruk en uit te roei, waardeur nie alleen die taal nie, maar ook die gees, die hart en ten slotte die hele land verower word. As voorbeeld dien Lord Charles Somerset se politieke beleid in Suid-Afrika.

In kontras hiermee, strewe die verowerde volk weer na beskerming, handhawing en herstel, om sy finale ondergang te voorkom, of, sy herwonne vryheid 'n voldonge feit te maak.

Daardie drang as spontane reaksie, wortel in die besef, dat daar geen eie kultuur sonder eie volksbestaan en geen eie volksbestaan, sonder eie Moedertaal kan wees nie. Treffende voorbeelde is na-oorlogse ontwikkelinge in Hongarye, Litaue, Estland, Finland, Ierland, Suid-Afrika en andere.

Vir die bekwaamaking van die jeug, om op doelstreffende wyse in hulle lewensmilieu in te pas, is Aardrykskunde en Geskiedenis nodig as ontwikkelingsmiddele.

Die „natuurlike omgewing“ van die mens is 'n baie belangrike deel van sy totale lewensmilieu. Die menslike lewensproses vind op 'n bepaalde plek op die aarde plaas met die toestand van die aardbol in sy natuurlike vorm enersyds, en die vorm of toestand wat die mens daaraan gegee het deur sy heerskappy daaroor andersyds: dit word 'n innige deel van sy hele lewensuiting.

Faktore soos klimaat en -toestande, water-

ryke streke, vrugbaarheid van grond, minerale, edelgesteentes, produkte, ens., vorm deel hiervan.

Volgens Dr. Barlow, speel die steeds wyer en wyer wordende omgewing waarin die kind opgroei en ontwikkel, 'n steeds belangriker rol namate rypheid ingetree het aan die end van elke opeenvolgende stadium van groei en ontwikkeling.

Daar bestaan 'n intieme wisselwerking tussen die individu en sy omgewing, tussen groep(e) en die omgewing, tussen die hele menslike samelewing en die omgewing waardeur laasgenoemde 'n volslae deel word van sy omgewing.

Aardrykskunde bestudeer die aard, gevolge en produkte van daardie intieme wisselwerking, wat begrip, kennis en tegnieke meegebring en ontwikkel het uit die ervaring van die mens en sy voorgeslagte, wat vir die samelewing van onskatbare waarde is.

Selfs die wetenskap word ingespan, eksperimente en navorsingswerk word gedoen, omdat die volkere van die wêreld al meer tot 'n ingewikkelde eenheid saamgeweef en dus vir hulle eie, individuele, gesonde voortbestaan, tot onderlinge samewerking en wederzijdse waardering gedwing word.

Hiervoor is nodig 'n diepgaande, onderlinge kennis van die wêreldmilieu in die algemeen en van die besondere lewensomgewing van die individuele nasies en die invloed daarvan op die mens en sy lewenswyse - hierdie feite is van primêre belang, ook van die onontwikkelde rasse in Suid-Afrika, soos byvoorbeeld, die Bantoe.

5. Waar Aardrykskunde, die mens in sy omgang en verhouding tot die fisiese omgewing het, strewe

Geskiedenis daarna om die invloed van die mens en sy sosiale omgewing, op sy lewensloop te bepaal en te verklaar. Dewey sê: „History is a formulated study, but the body of known facts about the activities and sufferings of the social groups with which our own lives are continuous and through reference to which our own customs and institutions are illuminated.”⁶⁶⁾

„Geskiedenis verskaf broodnodige kennis maar bring ook die noodsaaklike eenheid en kontinuïteit in die lewensproses van die volk,” se Keyter.⁶⁷⁾

Die volksbewussyn, agting en eerbied vir die nasionale kultuurbesittings ontwikkel deur wat lewensvitaliteit van die volk vir hom beteken, waarvoor die individu, die groep en die gemeenskap sal stry tot selfbehoud en sekuriteit.

Geskiedenis dien as opvoedingsmiddel ter bevordering van selfstandige waarneming, vorming van 'n besef van tydsverloop, verband tussen oorsaak en gevolg en dit bevrug die verbeelding op 'n gesonde wyse.

Ten slotte bestaan daar 'n innige korrelatiewe verband tussen aardrykskunde en geskiedenis, omdat die mens ontstaan en bestaan in 'n milieu van fisiese, sowel as sosiale aspekte, wat ineenverweef is deur die inpassingstryd waartoe die mens deur die lewensstryd gedwing word.

By aardrykskunde en geskiedenis vind ons nog 'n derde aspek van die lewenswysheid van die mens wat nodig is as opvoedingsmiddel, naamlik, Natuurstudie.

6. In die fisiese lewensmilieu van die mens

66) Democracy and Education, bls. 244, 246.

67) Keyter: Opvoeding en Onderwys, bls. 206.

beklee Natuurstudie 'n besondere plek, veral as gelet word op 'n beskawingstydperk waarin heerskappy oor die natuur die voorwaarde van sy voortbestaan geword het.

Natuurstudie lewer die eerste prikkels wat sy geestekragte tot groei en ontwikkeling stimuleer, waardeur sy nuuskierigheid en belangstelling in sy omgewing gewek word en voed sy verstandelike kragte tot selfstandige waarneming en prikkel sy drang tot ondersoek.

Die kennis wat hy opdoen is van besondere waarde vir sy latere intellektuele ontwikkeling.

Dis gesonde ontwikkeling van die sintuie en help om direkte verband tussen die lewe en konkrete werklikheid en skoolwerk te bring, wat verreikende waarde besit, veral tydens die eerste ontwikkelingsstadia van die kinderlewe.

Karaktertrekke soos presiesheid, volhouding in afwagting van resultate, of proefnemings word versterk, en is van groot betekenis vir die ontwikkeling van stabiliteit en bestendigheid in die kinderlewe.

Verder nog ontwikkeling van die bewussyn van waardering en liefde vir die natuurlike tuiste van die mens, met die wondere van die natuur wat God daargestel het en nog onderhou.

Die mens en volk is aan sy natuurlike bodem geheg deur waardering en liefde daarvoor, wat dien tot bestendiging en verdieping van sy lewe, omdat die lesse van Moeder Natuur hom gelouter het - hy moet dit ken en kan dit nie ontwyk nie.

In teenstelling hiermee, vergelyk ons die wortelloosheid en oppervlakkigheid in waardering van

sy eie bodem deur die volslae industrie- en/of stadsmens.

Suid-Afrika is hoofsaaklik landbouend van aard en sal dit nog lank bly, daarom is Natuurstudie as opvoedingsmiddel in die skool van onskatbare waarde, en gepaard hiermee die gedagte en daad van Landsdiens.

7. Wiskunde as vak vir ontwikkeling van die jeug het geen verklaring nodig nie. Die waardering en besef van getal en vorm is 'n noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van 'n vermoë, wat die mens oneindig hoog bo die dier verhef. As basis van die natuurwetenskappe is dit onmisbaar in ons beskawingstydperk.

Die laerskool hou hom besig met elementêre rekenkunde as inleiding tot die diepergaande kennis van getal en vorm. Die eintlike gebruik van wiskunde as opvoedingsmiddel kom eintlik eers op die hoërskool en in die volwasse opvoeding tot sy volle reg.

Afgesien van waardevolle kennis en begrip van getal en vorm, besit dit groot intellektuele en karaktervormende waarde: soos akkuraatheid, noukeurige waarneming, duidelike en saaklike formulering van gedagtes, logiese beredenering van gedagtes, selfwerksaamheid, selfkorreksie, volharding, 'n strewende na doelbewustheid in gedagte en aktiwiteit.

8. Hande-arbeid besit opvoedkundige waarde vir die welsyn van die liggaam en dieper geestelike waarde. Verwaarlosing van die hand lei tot eensydigheid en in die volkslewe tot 'n gevaarlike verdeling en klassegees, wat 'n verbreking is van die volksband.

Hierdie feite raak die sosiale, politieke, kulturele en ekonomiese welvaart van 'n gemeenskap, van 'n volk.

In Suid-Afrika het hande-arbeid 'n ingewortelde tradisie van minagting as aspek van die meer praktiese beroepe geword. - 'n ongesonde toestand. Self-skepping, inisiatief, ambisie, gesonde kompetisie, selfwerkzaamheid, strewe na die beste, estetiese, akkuraatheid, geduld en moed, want hande-arbeid lê self straf op as verkeerd gewerk word; en ten slotte bied dit geleentheid vir ko-ordinasie tussen die oog, hand en verstand.

Laerskoolvakke is byvoorbeeld, die volgende: hout- en metaalwerk, om eenvoudige nuttigheidsartikels te maak, naaldwerk, kartonwerk, leerwerk, elementêre tuinbou en praktiese landbou (proefnemings by natuurstudie). Ook hierdie leermiddele word nie as geïsoleerd van die lewe beskou nie.

Alte skoolwerk word gedoen asof dit geen verband het met die sosiale lewe en vergelykende sosiale toestande nie.

In verband met Natuurwetenskap, wys Lauwerys daarop dat die doelstelling moet wees om die opvoedlinge bewus te maak van die sosiale implikasies van hulle kennis, en hulle met vertroue te vervul in ons tegniese kompetisie om materiële en sosiale probleme op te los.

Gepaard met vooruitgang van wetenskaplike kennis en bedrewenheid is nodig, 'n bewustheidsbegrip van sosiale verantwoordelikheid. Die atoombom verduidelik hierdie stelling.

'n Verdere interrelasie tussen kuns en kuns-vlyt en die sosiale omgewing word behandel. Ellis wys hoedat die toestande waarin die kunswerke gelewer word, die intellektuele en sosiale gesindheid in swang op

daardie tydstip die ontwerp en uitvoering van die skeppinge beïnvloed het.

Ontwerp en uitvoering daarvan word beïnvloed deur sulke voorwaardes soos, individuele poging of koöperatiewe span- of groepwerk, masjinale produksie of handewerk, haastigheid of in vryetyd, outoritêre, voorskrif of persoonlike inisiatief en eienaardigheid.

9. Musiek as middel van Sintese vir Skool en Gemeenskap.

C.A.Richardson sê in sy boek "The Strategy of Living" dat die doelstelling van lewe is "geluk," en "daardie geluk ontstaan uit kontemplasie, toegewyd-⁶⁸⁾heid, ontspanning en van waardering" en liefde.

Musiek is 'n sosiale middel, musiek is kultuur.

Waar ons ander kultuurgoedere liefhet en waardeer, behoort ons dieselfde gesindheid te openbaar jeens musiek. Om musiek een keer te hoor en niks te doen, is nie genoeg nie. Konsoliderende werk is nodig. Elke stuk wat gekies word, behoort dikwels deur die kinders gehoor te word, om daardoor te dink en om die skeppingskrag daaragter te waardeer. Hoe word waardering daarvan verkry:

- a. Deur die ritme byvoorbeeld deur beweging daarvolgens.
- b. Laat kinders reageer deur eenvoudige simbole wat hulle self kan lees.
- c. Laat musiek leer deur aanhoor sowel as lees daarvan.
- d. Deur aanhoor leer kinders geleidelik dat daar so-iets is soos toonskaal.
- e. Oefen die stemme deur pragtige oefeninge waar

die onderwyser se entoesiasme en waardering van die grootste belang is.

f. Vervolgens leer hulle om na musiek sonder woorde te luister; ondersoek van die sangstukke waarin hulle begelei word.

g. So ontdek die kinders musiek is soos 'n taal.

h. Programmusiek word voorgestel soos die prent wat die komponis in sy gedagte gehad het.

'n Historiese oorsig sal aantoon, dat die behandeling verskil van een tydperk na die ander, na gelang die beskikbare materiaal meer ekstensief word.

Maar musiek moenie alleen leef nie, dit moet geassosiëer word met ander skeppende kunste; elkeen met sy eie aard en emosionele aandoenings, ens.

10. Filmonderwys en die Strokiesfilm.

Opvoedkundige films en strokiesfilms dek feitlik alle skoolvakke en aspekte van die werk. Neem byvoorbeeld, 'n gesondheidsleerles oor die huisvlieg: die lewenssiklus van die vlieg word behandel, sy gewoontes, verspreiding van siektes en uitroeiingsmetodes.

'n Puik aanskouingsles word oor die huisvlieg aan die kinders gegee, met die nodige apparaat, metodes toegepas, herhaling, ens.

Om die les vas te lê by die kind, word die rol gedraai en die kind sien alles in beweging. Wie kan die waarde in opvoedkundige sin hiervan bewys? So is dit met die strokiesfilm, waar sekere dele wat belangrik is slegs op die doek verskyn in stilprentvorm en die onderwyser dit verduidelik.

Die strokiesfilm bespaar veel tyd van tekeninge en illustrasies maak, dog vooraf moet alles in

getoedheid wees om geen tyd te verloor nie.

'n Verdere betekenis van filmonderwys, is die feit, dat ons wel in die klaskamer sit, maar, dat ons verplaas word na ander wêrelddele soos in Geskiedenis, Aardrykskunde, Wetenskap en Kuns, ons reis van een land na die ander, ons sien en hoor dit, dit word vasgelê. Hierby kom ook die gebruik van die radio.

Afgesien van opvoedkundige waarde, het ons 'n wêreldwye seleksie van visuele substitute wat 'n gesonde gesindheid en verhouding daarstel, of 'n waardering van die universele aspekte van sensoriese ervaring.

Die ervare onderwyser gebruik dit tot groot voordeel. Dit is visuele opvoeding, netsoos ons gebruik maak van die Visua Pamflette in die skool by ons taallesse.

Die ouers word ook uitgenooi na hierdie film-onderwys, byvoorbeeld, eenkeer per halfjaar, waardeur hulle nadergetrek word en belangstel in die onderwys van hulle kinders.

Die nadele van rolprentvertonings in bioskope is hier nie ter sprake nie, hoewel ouers met die grootste omsigtigheid moet waak teen beskadigende invloede.

3. Die Klaskamer Sosiologies beskou. Dissipline en Orde.

Baie is reeds geskryf oor die psigologiese prosesse van kinders in die klaskamer. In teenstelling hiermee is baie minder, of feitlik niks geskryf oor die sosiale aspekte van die situasie nie. In die skool het ons 'n groep kinders in ouderdomsgroepe ingedeel en somtyds volgens intelligensie standaard

en deur die wet verplig tot skoolbesoek. Gewoonlik sit die kinders in banke, gerangskik in rye, sodat almal vorentoe kyk. Die onderwyser het 'n prominente plek voor in die klas waar almal hom kan sien. Die klas het geen sê nie, nog in sy keuse, nog in sy besluit in verband met wat om te doen. Hy is 'n volwassene, met finale dissiplinêre sanksie en steun. Hy is nie die „natuurlike" leier van die klas nie. Sy leierskap het opvoedkundige steun en hy moet die gehoorsaamheid en onderdanigheid van sy leerlinge hê waarop hy kan vertrou, staatmaak en bou. Soos Waller dit uitdruk: „Until the teacher's definition of the situation has been accepted, he cannot relax. Friendly attitudes must spring up only in a situation defined in terms of teacher domination It is generally agreed among school men that, the sooner the regular routine is established, the better will be the results." (Bagly.)⁶⁹⁾

Die daaglike roetine en orde wat grotendeels verantwoordelik is vir die dissipline in die klaskamer en die skool as geheel, hang af van die gesindheid en bekwaamheid van die onderwyser, naamlik, of hy reeds vooraf 'n totaalvisie besit van die leerlinge in sy klas.

Die onderwyser moet sy klaskamer bestudeer, hy moet uitvind omtrent die leerlinge wat hy in sy klas gaan hê, hy moet seker maak dat alle benodighede vir hom en elke leerling in sy klas direk tot sy beskikking is.

Sekere reëls geld veral vir die eerste skool-

69) Willard Waller: The Sociology of Teaching, John Wiley and Sons, Inc. 1932, bls. 300.

dag, omdat feitlik alle suggesties implikasies inhou met betrekking tot die verhouding en gesindheid van onderwyser-tot-leerlinge en leerlinge-tot-onderwyser.

Omdat die roetine, gedrag en orde in 'n klaskamer grotendeels afhang van die mate waarin 'n gesonde onderwyser-leerling verhouding en gesindheid die dissipline stabiliseer, moet die kwekeling-onderwyser veral let op die volgende sake waarmee baie moeilikhede ondervind word by die eerste toetrede tot die skool, en dit geld ook vir menige onderwyser wat reeds jare ervaring agter die rug het. Ons let op die volgende:

1. Wees beskikbaar reeds voor die skool begin: stiptelik en weet wat jy wil doen.

2. Kyk dat die klaskamer in goeie orde is: vloere, vensters skoon, banke afgestof, prente, illustrasies en apparaat byderhand vir gebruik.

Moenie by die prinsipaal gaan kla nie, maak sake self reg, bring dit self in orde. As toestand ondraaglik is, nader dan die hoof.

3. Stel klasleiers aan wat sorg vir boeke, penne, liniale, uitveërs, potlode, uitdeel en bymeekaarmaak, ens.

4. Maak gebruik van apparaat en gebruik talle voorbeelde.

5. Die onderwyser(es) wat vroeg reeds by die skool is, mag sekerlik gebruik maak van leerlinge wat reeds daar is, om byvoorbeeld, onder toesig die muurdekor in orde te bring.

Kontroleer enige rondhardlopery streng in die klaskamer op die eerste dag, indien u enkele leerlinge tot u klas toelaat vóór skool.

6. Moenie tyd mors op die eerste môre nie, die kinders neem dadelik plekke in, veranderings mag later aangebring word in hierdie verband.

7. Stukkies papier op die vloer moet gereeld opgetel word as die klok lui vir klein- en groot speeltyd en as die skool verdaag. Die papiertjies word in die snippermandjie gegooi as die rye uitstap - die onderwyser staan buite op die stoep voor die klaskamerdeur en hou die ry in die oog totdat die speelterrein bereik is.

8. Hou 'n openingsredetjie, kort en bondig, duidelik, skerp omllyn, sonder bedreiging, huigelary of afgesaagdhede.

9. Daarna volg miskien gesamentlike sang van 'n gewyde lied.

Dit is min of meer die prosedure van die sosiale situasie in die skool, 'n prosedure waarin die leerlinge feitlik niks doen op eie inisiatief nie, dog waarin die onderwyser dominant is, waar die leerling geen keuse het nie, behalwe om dit aan te neem.

Die situasie is volledig uitgewerk en vooraf beraam en die leerling sien daar is vir hom niks te doen in hierdie verband nie, want die onderwyser het aan alles gedink.

Die klem val dus op die preorganisasie van die skoollewe, so deeglik dat daar geen geleentheid aan die leerlinge gegun word om spontaan te organiseer, waaruit wanorde mag ontstaan nie.

Die klaskamer is altyd 'n nuwe sosiale omgewing, 'n arbitrêre en kunsmatige sosiale wêreld dog die leerling moet die begrip hê, dat hy 'n wyer gemeenskap binnegaan - hy moet hom daarby gesond aanpas.

Die betekenis van die suggesties met betrekking tot die voorbereiding van die fisiese sy van die klaskamer en die bymekaar bring van materiaal vir die skoolwerk, is eenvoudig om improvisasie deur die leerlinge te voorkom omdat dit onwenslik is. Selfs daardie gedagte om kinders wat vroeg by die skool is in te span, voordat die klokke lui, om die klasdekor in orde te bring, word streng gekontroleer, om byvoorbeeld, die spontane neiging by kinders om deur die impuls van die moment rond te hardloop in die klaskamer te keer, voordat dit gestabiliseer is.

Deur die leerlinge drillwerk te laat doen in verband met klasroetine, hou ons twee doelstellings voor oë: eerstens, benadruk die skoolsituasie, met sy reëls, restriksies en gemeganiseerde roetine en bring dit ook tuis; waardeur die onderwyser die geleentheid het om sy heerskappy in hierdie opsig te stabiliseer. Hieruit sal waarskynlik nie konflikte gebore word nie.

Die leierstelsel het 'n ander funksie naamlik, om sekere leerlinge gunstig in te lig tot eerbied vir die onderwyser; die drillwerk van die funksies van leiers, is weereens 'n indruk op die leerling se verstand van die onderwyser se definisie van die situasie, met ander woorde, deurdat die onderwyser passief bly, bly hy maklik in bevel van die situasie.

By sekere geleenthede, wanneer die tyd ryp is vir saaklike opmerkings, moet die stille reaksie wees: Daar praat die onderwyser!

'n Onderhoud tussen onderwyser en leerling moet tot die onderwerp beperk wees; die onderwyser moet hom onthou van dinge te sê, wat hom mag intrek tot menslike interaksie met sy leerlinge. Omdat

leerlinge en onderwysers individueel van mekaar verskil, is dit gebruiklik dat onderwysers bepaalde klein tegnieke inspan om die situasie te beheer.

Dis egter nodig om hierdie definisie van die situasie van die onderwyser van tyd-tot-tyd te hernu en om sy tegnieke dienoooreenkomstig te laat aanpas by die ontwikkelende gebeurtenis - die situasie is met ander woorde, dinamies.

Die eerste skooldag word so beplan, dat daar geen oomblik mag voorkom vir spontane lewe aan die kant van die leerlinge, wat in teenstelling mag wees met die situasie soos deur die onderwyser uitgewerk nie.

Die grootste gedeelte van hierdie prosedure met betrekking tot roetine, moet soveel moontlik uitkristalliseer. Hierdeur word die onderwyser in staat gestel om jaar-na-jaar sy absolute onveranderlike kontrole te handhaaf en die kinders glip nooit uit die vingers nie.

Dit gebeur egter nooit dat die situasie duidelik gesien word en dat die klaskamerprosedure met so 'n onbuigsame roetine standhou, sonder dat ongereeldhede voorkom nie. Die lewe het egter 'n manier om haakplekke te vind in daardie heinings waarmee ons dit toegekamp het.

Die konflik wat uit ongereeldhede mag ontstaan, noep die onderwyser om sy definisie van die situasie voortdurend te verander, met ander woorde, deur die toepassing van tegnieke.

Die onderwyser mag persoonlik betrokke wees in hierdie konflik van definisie van die situasie, of dit mag inbegrepe wees op ander maniere.

Die kwaliteit van die volharding word toegeskryf aan dié onderwyser, wat 'n strenge dissipline handhaaf. Dis 'n tegniek van volharding, getrouheid, gelykmatigheid, ewewigtigheid en volharding deur dubbele inspanning, - hierdie kwaliteit hang af van innerlike stabiliteit en bestendigheid van die karaktervolle persoonlikheid.

Die hoof funksie van skool is om onderwys te gee. Die kinders mag egter nie altyd lus voel om te leer nie, terwyl die onderwyser sy eie gesindhede het met betrekking tot sy posisie in sy klas. Hy mag menslike persoonlike verhoudinge hê met sy klas, dog dít kan alleenlik suksesvol wees deur die stilswyende aanname, dat hy 'n beroep kan doen op sy leerlinge wanneer hy dit verkies as belangrike skoolwerk behandel word.

Die oogmerk om dissipline en orde te handhaaf, waardeur die ewewig bewaar word tussen die opvoedkundige en persoonlike funksie van die onderwyser en die invloed en prikkeling wat van hom uitgaan enersyds, en die leergierige jeugdige lewens met hulle behoeftes in die geheel wat ontwikkel moet word, die medekollegas en die Hoof van die skool, die Inspekteurs van Onderwys, die Hoofinspekteur, die Direkteur van Onderwys in die Departement van Onderwys in die hiërargie van die Onderwysdepartement, andersyds.

4. "Opvoeding en Onderwys vir Kultuur."

Dis een van die onderwerpe wat die opvoedkundige sosioloog die meeste dronkslaan. Eerstens moet hy probeer om die betekenis van kultuur te ont-
rafel. Daarna moet hy bewus wees van die afgeleide

en eenheidswaarde van die woord.

Dit verwys nie slegs na baie soorte kennis nie, of nie slegs na sekere menslike kwaliteite van persoonlikheid nie, maar "the whole social inheritance of beliefs, habits, moral and aesthetic standards, institutions, manners, techniques, vacations."⁷⁰⁾

Hiermee kan ons ook vergelyk wat Demant sê:
"I use the word culture to describe any of the aims of man which are positively over and above the mere aim of keeping alive all that makes the difference between preserving biological life and the possession of some notion of a kind of life worth living. It includes, besides all spiritual aims and moral codes, the making of artefacts, the pursuit of knowledge, the cultivation of art, the search for adventure, the courting of risk,⁷¹⁾ and a host of other human activities."

Deur sulke veronderstellings te ontbloot, is die sosioloog in staat om saam te stem met Elliot, wanneer hy differensiëer tussen drie toepassings van die woord "kultuur." Die kultuur van 'n gemeenskap is moeilik om te definieer, dog oor die algemeen kan ons die minimum aanvaar soos Clarke dit gestel het.

Tweedens, vind ons die kultuur van 'n groep of bevolkingslaag, wat grotendeels ontstaan of voortspruit uit die ekonomiese en sosiale posisie, sy voorbestaan van geriewe.

Die huidige toestand in Engeland is 'n skommelende klasse-struktuur, en in Suid-Afrika was dit die laer inkomstegroepe wat 'n heenkome gevind het.

70) Clarke F.: Freedom in an Educative Society. U.L.P. 1948. Bls. 36.

71) Demant V.A.: Christian Polity. Faber. 1936. Bls. 61.

tydens die oorlogsjare om die uniform aan te trek en baie geld te kan ontvang as loon. In kort, daar was ekonomiese voorspoed, almal het geld besit - en gevolglik het ons 'n skommeling van vertikale mobiliteit gevind.

Die landelike boerebevolking ondervind vandag nog weelde deur abnormale hoë pryse vir byvoorbeeld wol! Dog die insinking is reeds merkbaar! Vroue-arbeid word nog steeds geëksploiteer.

In 'n skommelende klasse struktuur, is dit miskien die moeilikste aspek vir die sosioloog om te peil. Tog is dit andersyds belangrik om te weet waar vòdroordeel en lewenskragtige verskil gevind moet word, veral vir die onderwyser.

Derdens, vind ons die kultuur van die individu, veral van die sensitiewe, verfynde en intelligente mens.

Hier moet die mensemateriaal, die inkomstegroep waartoe hy behoort en die sosiale peilvlak in aanmerking geneem word, maar nie as die belangrikste eienskappe nie.

Daardie is die persoonlike voorkeur, smaak, sin vir waardes en persoonlik geaksepteerde meester belange, die rigting van leef en lewe wat aangehang word en die interpretasie daarvan, dog die filosofie van die lewe, die christelike geloof, is die belangrikste.

In al hierdie beskouings oor kultuur en onderwys konstateer Clarke tereg, kultuur is 'n medium, en nie 'n agtergrond nie, "a back-drop to personal performance."

Tevore is reeds daarop gewys, dat die

opvoedkunde of pedagogiek 'n taak teenoor die kultuur het, naamlik, dat die kultuur 'n middel is om die gawes wat natuurlikerwys aanwesig is, na buite te bring in sigbare en tasbare vorm in die lewe - in so 'n vorm dat oordraging van hierdie skatte moontlik is.

Kultuur ontleen sy stof aan die natuur, en bring die aanwesige skatte na die samelewing. Ons onderskei dan ook tussen twee vorme van kultuur naamlik, objektiewe en subjektiewe. Eersgenoemde lê buite die mens self en kan oorgedra of oorgelewer word deur die ouer geslag aan die jonger geslag byvoorbeeld dinge soos wonings, geboue, verkeersmiddele, paaie, meubels, werktuie, instrumente, tegniese uitvindings en produkte, kuns en wetenskap, ambag, industrieë - almal lewenslose dinge, dog deur mensehande self gemaak - hierdie dinge, die objektiewe kultuur vorm die materiële besit van die mensdom.

Die subjektiewe kultuur, lê in die mens self en bestaan uit al die persoonlike dinge, die geheel van die liggaamlike en geestelike kragte - met ander woorde, sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling, wat die mens besit as sy lewende kapitaal, wat hom in staat stel om met sukses sy lewensdoel na te strew.

Die subjektiewe kultuur, moet elke mens opnuut vir homself weer verwerf en kan dus in bogenoemde sin van die woord nie oorgedra of oorgelewer word nie.

Die subjektiewe kultuur is afhanklik van die volgende: Die bedoelde vermoëns is reeds by geboorte in aanleg aanwesig as potensiële kragte, wat ontwikkel om tot werkende kragte oor te gaan deur prikkels afkomstig van ander mense - die ouers, broers, susters, familie, onderwysers, en andere. Dis met ander

woorde, hulp by die opvoeding en onderwys na sy wese.

Die subjektiewe kultuur, waarvan die opvoedende geslag die draer is, gaan dan ook werklik oor op die volgende geslag deur die opvoeding en onderwys, hoewel nie in dieselfde sin soos dit met die objektiewe kultuur die geval is nie.

Dis daarom te verstaan, dat met die geërfde kultuur aktief gewoeker moet word, om dit uit te brei deur 'n organiese ontwikkeling, met 'n gesonde standpunt.

Vir studente wat opgelei word as onderwysers, is dit veral belangrik dat die dwaalbegrip om bestempel te word as die betaalde verspreiders van kultuur aan die kaak gestel word.

Die soort sosiale organisasie met die moontlikheid om so 'n rol te speel, behoort ondersoek te word, en dit mag stellig teruggevoer word tot die meeste se vorige Universitêre opleiding.

Hierteen moet egter gewaak word want, „A democratic culture - that is not the same thing as a democracy plus culture Culture in the democratic order of the future will not be a separate and distinguishable thing - a body of learning that can be put into books and museums and mugged up in your spare time.”⁷²⁾

Deur die bestudering van die positiewe betekenis van kultuur, begin lig op te gaan vir ons benadering. Dan verstaan die onderwyser sy eie kultuur, dan begryp hy sy verantwoordelikheid insake die kulturele ontwikkeling van sy leerlinge - die

72) Herbert Read: To Hell with Culture, Kegan Paul 1941, bls. 14.

onderwyser se kennis, insig en begrip van kultuur en sy verantwoordelikheid as draer en oorleweraar daarvan, is op 'n hegte, gesonde grondslag geplaas.

5. Sosiologie en Waardes.

Die meeste van die werk tot dusver vir die opleidingskursus, is analities krities. Wanneer sosiologiese bevindings hulp bied om vorm te gee aan die algemene opvoedkundige teorie en praktyk, is waardes onvermydelik inbegrepe.

Sosiologie, soos tevore reeds op gewys, is enersyds gewortel in sosiale filosofie.

In ieder geval is waardes saamgebind met sosiologiese studie en wel om twee ander redes: Eerstens sosiale etiek die werk van waardebepaling, die aanname of verwerping van handeling, is die gevolg van wisselwerking tussen psigologiese en sosiologiese faktore, en moet derhalwe deels beskou word as 'n sytak van sosiologie.

Tweedens, wanneer 'n poging aangewend word om 'n oorsig van die sosiale struktuur te vind, sosiale funksie en kontrole, en sosiale verandering, moet plek afgestaan word aan menslike doelstellinge en ideale, soos uitgedruk in hierdie drie hoofaspekte van sosiologiese ondersoek.

Omdat studente wat slegs een jaar kennis het van sosiologiese ondersoek, daartoe mag lei dat hierdie werk lei tot 'n relativistiese lewensuitkyk sê F. Clarke: „Premature dabbling with sociology apart from the protective discipline of a serious regard for history may well have the same kind of unfortunate effect as has followed from premature

study of psychology unchecked by any discipline in the fundamentals of philosophy."⁷³⁾ Dit is ook wat Waterink sê.

Relativisme is nie slegs die enigste weg wat oop is vir die beginselgetroue sosioloog om te volg nie - Ginsberg druk dit uit as volg: „A complete study of human life thus involves a synthesis, but not a fusion, of social science and social philosophy."⁷⁴⁾ Mannheim sê met betrekking tot sosiologie en godsdiens afgesien van relativisme, die volgende: „The religious focus is not a moral or ethical experience nor a way of regulating behaviour and conduct, but a way of interpreting life from the centre of some paradigmatic experience."⁷⁵⁾ Demant weer: „No human society known to exist or to have existed has ever behaved as though its mere biological preservation were its sole pre-occupation. Mankind has always had some super-biological purpose for which to live."⁷⁶⁾

Die belangrike funksie van sosiologie, veral met betrekking tot opvoedkundige waardes is daarom, nie om die basis van ideale en doelstellinge weg te redeneer bloot as 'n vorm van sosiale inpassing nie, maar eerder om die grondslae en posisie, waarin sekere werkinge van opvoedkundige strominge of aanpassing plaasgevind het op enige gegewe tydstop aan te dui, en ook om die invloed van 'n lewensbeskouing, wat verantwoordelik was om slegs sekere soorte van aanpassing moontlik te maak, te erken.

73) „Sociology and Education": F. Clarke, History Teaching and Sociology in Education, bls. 90.

74) M. Ginsberg: Sociology, O.U.P. 1934, bls. 37.

75) Mannheim: Diagnosis of Our Time, bls. 134.

76) V.A. Demant: Christian Polity, Faber 1936, bls. 61.

Met hierdie benadering van waardes, is ons in staat, om 'n uitvoerige omraming te gee van die kursusse in filosofie en sielkunde, wat ingesluit is en opgebou word, tot en met die finale professionele opleidingsjaar, asook 'n groter onafhanklikheid in die studie van geskiedenis van die opvoedkunde.

Dit ten opsigte van ons algemene oorsig oor Sosiologie en Waardes. Wat is nou die waardes?

Ons konstateer weereens die belangrikheid van die waardes naamlik, sedelike en morele; godsdienslike; emosionele; estetiese; intellektuele en liggaamlike ontwikkeling; en die kulturele in die opvoeding en onderwys.

Hierby moet ons nog 'n uiteensetting gee van die waarde van vryetydsbesteding in opvoedkundig-sosiologiese sin.

Die hedendaagse betekenis van vryetydsbesteding is egter skeef en verdraaid. In die eerste plek word dit gereken as 'n metode om die blanko wat oorgebly het van die noodsaaklike werk van die lewe op te vul.

Die doel van die oorgrote meerderheid is om hierdie tyd te bestee met die aandag gespits op die verbruik van tyd, in plaas van, ontspanning te vind vir 'n afgematte verstand en liggaam om dit weer te verfris.

Die hoofsaak hier is egter die onderliggende faktor van ontspanning, rekreasie, en waar dit geïgnoreer word, is dit bepaald 'n gevaarlike gewoonte. Dit is die kinkel aan die een ent van die betekenis van vryetydsbesteding.

Die knoop aan die ander kant in die betekenis, is die valse waarde wat geheg word aan werk in ons hedendaagse toestande.

Tot 'n baie groot mate het werk opgehou om 'n absorberende middel te wees tot ekspressie, en word gedoen as 'n manier om geld te bekom om dinge te kan koop wat ons begeer. Die ure van werk word uitgehou en aangehou net om die beloning daarna te ontvang.

Met hierdie geld en nog ekstra kan hy sy afleiding koop, in 'n bioskoopvertoning, 'n voetbalwedstryd, in die kroeg, ens., ens. Met ander woorde, 'n groot sisteem van plesier het gegroei, vir die werker en volgens sy inkome, kan hy sy ledige ure vol koop!

Vryetydsbesteding kan wees konstruktief of waardeloos. Die moderne neiging by industrieë is om te voorsien in die behoeftes hiervan, daar word swembaddens, tennisbane, rugbyvelde, sokker- en krieketvelde gebou en uitgelê, afgesien van binnemuurse afleidings- en ontspanningsfasiliteite, ens. wat daar ook bestaan.

Die rolprent se artistiese standarde verlaag, die strekking is opvoedkundig negatief, want die aanvraag is groot en toegangsfooie is verminder.

Nog 'n belangrike faktor is die versnelde lewenspas, met gevolglike intensifikasie van afgematheid en vrees.

Die skok en vrees van oorloë en dreigende oorloë wat vandag nog oor die wêreld hang met: onsekerheid van sekuriteit, werkloosheid, verslapping van godsdienstigheid tot kerkloosheid, in 'n gees van „laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons,” het vaardig geword.

Soorte van rolprente, opvoerings, dramas,

ens., laat die toeskouer slegs so af-en-toe 'n rilling kry, as 'n passiewe toeskouer. Die waardes is vals tot die werklike lewe. Ons neem erotisisme en geweld uit die soort afleiding, en daar bly min oor!

In 'n sekere mate behoort vryetydsbesteding geleentheid te gee vir rus en passiewe vermaak. Vryetydsbesteding behoort te voorsien in 'n ewewig van geleentheid vir groei, tot 'n volle persoonlikheid. Omdat die werk vandag hoogs gespesialiseerd is, is die funksie van ontspanning baie groter en die behoefte om dit behoorlik te benut, dus baie belangriker as tevore.

Die hele vraagstuk oor vryetydsbesteding is verwar met die klem op vryheid. Vryheid veronderstel geheel-en-al iets anders.

Vir seuns en dogters in die verskillende groeistadiums is daar vorme van vryetydsbesteding: liggaamlike rekreasie: swem, rugby, sokker, liggaams-oefeninge, ens.; verstandelike afleiding: rolprente met 'n opvoedkundige strekking, die radio: praatjies, musiek, opvoerings, dramas, Kunswedstryde, literatuur, stokperdjies van enige aard en verskeidenheid, speletjies, ens., ens.

As 'n slotgedagte moet ons waak teen die oordrewe sportgees van ons tyd, wat gepaard gaan met afwykings van die normale, soos byvoorbeeld, drankmisbruik, dobbelary, en dies meer.

In die huislike gemeenskap deel ons vryetydsbesteding in as volg: Tydverdryf en plesier: hoedat 'n goedbestuurde huis tyd tot beskikking stel vir afleiding, om 'n partytjie te beplan en te organiseer, skoonheidskultuur; die aanleer van sjarme.

Die samewerking van ouers is hierin ook nodig, netsoos in die kleuterstadium. Die kinders moet die geleentheid tuis kry en benut om te kan toepas van wat op skool geleer is. Dit behoort belangrik en beslissend die belangrikheid van die huisgesin te herskep tot 'n gelukkige gemeenskap.

In hierdie verband is 'n veelheid van voorbeelde, wat elkeen geanaliseer kan word met sy voor- en nadele as konstruktief, en, of waardeloos in opvoedkundig-sosiologiese sin.

Hoofstuk V

1. SKOOL EN GEMEENSKAP.

(a) Die Skool as 'n Sosiale Instelling.

Tevore is reeds daarop gewys dat die skool 'n eenheid is van wisselwerkende persoonlikhede. Die persoonlikhede wat in die skool vergader, is aanmekaar gebind in 'n sosiale verhouding.

Die lewe van die geheel, is in al sy dele en kan nie sonder enige van sy dele bestaan nie.

Die skool is 'n sosiale instelling en vertoon 'n organiese afhanklikheid van sy dele, en dis nie moontlik om 'n deel daarvan te affekteer, sonder dat die geheel geaffekteer word nie.

Die skool as sosiale instelling openbaar 'n differensiasie van sy dele en spesialisasie van funksie. Die skool as geheel word gevoed deur die gemeenskap.

Met ander woorde, die skool is 'n geslote sisteem van sosiale interaksie. Die skool is in werklikheid duidelik gedifferensiëer van sy sosiale milieu.

(b) Die Skool in die Sosiale Proses.

Die mens bewaar sy gemeenskaplike besit en dra dit oor van geslag tot geslag. Dit is wat ons bedoel deur die sosiale proses.

Deur analise, breek die alles-insluitende sosiale proses op, in 'n aantal ondergeskikte prosesse. Ons bepaal ons aandag slegs by sommige van die belangriker subprosesse in verband met die skool.

Park en Burgess wys op die verskil tussen die politieke en kulturele prosesse. Konflik is die basis van die politieke proses met eindresultaat akkommodasie,

'n reëling om te lewe.

Die kulturele proses is een van wedersydse deurdringing van persone en groepe met eindresultaat, die gelyke besit van ervaring en geskiedenis. „Accommodation has been described as a process of adjustment, that is, an organization of social relations and attitudes to prevent or to reduce conflict, to control competition, and to maintain a basis of security in the social order for persons and groups of divergent interests and types to carry on together their varied life-activities. Accommodation in the sense of the composition of conflict is invariably the goal of the political process.

Assimilation is a process of interpenetration and fusion in which persons and groups acquire the memories, sentiments, and attitudes of other persons or groups, and by sharing their experience, and history, are incorporated with them in a common cultural life. In so far as assimilation denotes this sharing of tradition, this intimate participation in common experiences, assimilation is central in the historical and cultural processes.”⁷⁷⁾

In die assimilasie van groep tot groep, waaraan Park and Burgess dink as karakteriserend van die kulturele proses, speel die skool 'n baie belangrike rol.

Die gemeenskaplike ervarings van 'n groep wat saamleef onder enige omstandighede, wat as 'n eenheid vertoon en werk, om die groep die sin van 'n gemeenskaplike verlede te gee, is die teken van assimilasie.

77) F.E.Park and E.W.Burgess: Introduction to the Science of Sociology (1924) bls. 735 - 736.

Tyd is van kernbelang vir die kulturele proses. Daar is in die kulturele proses 'n veelsydige verwisseling van gesindhede en definisies van situasies, van tegnieke en kennis, met betrekking tot die bestanddele van kultuur.

Die kulturele proses van die skool is 'n proses van oordraging en verwisseling, waar die skool dien as medium vir hierdie verwisseling.

Ons mag aan hierdie proses dink as oordraging van geestelike en materiële voorwerpe van kultuur soos dit voorkom, hoofsaaklik op twee vlakke:

1. Daar is die verspreiding van goedere oor die gehele samelewing, 'n oordraging van goedere en gesindhede van groep tot groep, van gebied tot gebied, van persoon tot persoon.

Die gewone skool, dien as 'n belangrike subsentrum in die proses van kulturele diffusie, waarin onderwysers 'n belangrike rol speel.

Veral met betrekking tot die verstandelike sy van kultuur, is dit die taak van die skool om die nuwe dinge aan die plaaslike gemeenskap mee te deel. Sosioloë het gevind dat baie wanaangepastes in die moderne samelewing, herlei kan word tot kulturele uitsakkelinge of agtergeraaktes, omdat die nie-materiële of aangepaste kultuur, nie so vinnig verander soos die materiële kultuur nie.

Ons godsdiens, sisteme van wet en sedes is outentieke antieke, terwyl ons radios en rolprente modern is. Baie wanaanpassings in ons gemeenskap word toegeskryf aan die masjinerie van sosiale kontrole wat gefaal het om te verander met enersse tempo as die meganiese kultuur.

Die skole behoort veel meer te doen om diffusie van nie-materiële kultuur te versnel.

2. Die tweede fase van die kulturele proses, wat bestaan uit oordra van gesindhede, tegnieke en kennis tot die jeug van ons samelewing.

Hierdie proses is insidenteel aan die opeenvolging van geslagte en word genoodsaak deur die feit dat alle mense ewe onkundig is by geboorte.

Die huisgesin vervul hier 'n belangrike rol, dog, die belangrikheid van die skool hierin is aan die toeneem.

(c) Vertikale Mobiliteit in die Sosiale Proses.

'n Ander aspek van die sosiale proses is sosiale mobiliteit en meer spesifiek, vertikale mobiliteit. In die skoolgemeenskap is daar 'n beweging van die individue van klas tot klas.

Die vertikale beweging van individue in 'n gestratifiseerde gemeenskap kan ons beskou as leiers van strominge in die gemeenskap.

Die hoeveelheid onderwys wat kinders ontvang, voorspel en sommige sal sê, bepaal die toekomstige kapasiteit van verdienste en op die vlak van die gemeenskap waarop hulle hulle hul lewensbestaan sal maak.

'n Min of meer rowwe seleksie vind plaas in die skool, terwyl 'n sosiale seleksie plaasvind uit hulle wat voorbeskik is om sekere sosiale funksies te vervul.

Die skool, met sy leerplan, wat bemeester moet word deur die leerlinge voordat hulle oorgeplaas word na die volgende hoër trap, sif en hersif sy mense-materiaal, selekteer hoofsaaklik op die basis van

intelligensie, maar wat ook toelaat tot 'n groot mate vir ander kwaliteite, soos byvoorbeeld, innemende geaardheid, emosionele stabiliteit, vlyt en ywer, ens.

In die skool word alle kinders nie onderwerp aan dieselfde proses van uitsortering nie. Ander dinge is eners en die skool trag om die leerlinge tenminste op te voed en te onderwys tot 'n verstandelike peil wat hulle in staat sal stel om meer of min te fungeer op dieselfde ekonomiese en sosiale stratum as hulle ouers.

Die kinders van die welgestelde ouers word deur die hyser geneem tot die universiteitspeil, terwyl die minder gegoede kinders reeds lankal van die hyser afgeval het en so ook die verstandelik minder begaafdes.

Baie belangrik in hierdie saak, is die aspekte van ekonomiese faktore enersyds, die sosiale besit van die huisgesin, sy peil van kulturele deelname, sy tradisies en ambisies, omgewing, andersyds, wat almal faktore is wat sosiale mobiliteit beperk.

Wat die skoolkind met sy werk bereik is gewoonlik rofweg die regte maatstaf vir verdere prestasie.

Daar is talle faktore wat assimilasie van dieselfde leerstof beïnvloed, dog as ons toegelaat het vir alle gebreke in hierdie proses, blyk dit waar te wees, dat die uitsoekproses van die skool resultate lewer wat rofweg inpas by die kulturele en inherente kwaliteite van die geselekteerde individue, en dit blyk ook dat 'n hoë graad van ooreenkoms bestaan tussen die punt van vordering wat iemand op skool behaal het en die vlak waarop hy fungeer in die gemeenskap.

Een van die funksies van die hoërskool is dus volgens Sorokin om die te uit te soek, met betrekking tot hul geskiktheid vir sekere beroepe en sosiale posisies. Ja Sorokin sê: "In other words, the essential social function of the school is not only to find out whether a pupil has learned a definite part of a text book or not; but through all its examinations and moral supervision to discover, in the first place, which of the pupils are talented and which are not; what ability every pupil has and in what degree; and which of them are socially and morally fit; in the second place, to eliminate those who do not have desirable mental and moral qualities; in the third place, through an elimination of the failures to close the doors for their social promotion, at least, within certain definite social fields, and to promote those who happen to be the bright students in the direction of those social positions which correspond to their general and specific abilities. Whether successful or not, these purposes are some of the most important functions of the school. From this standpoint the school is primarily a testing, selecting and distributing agency."⁷⁸⁾

Tevore is reeds daarop gewys dat in die skool, intelligensie en toetse, ens., oorbeklemtoon word. Menige ster op skool is die uitsakkeling op universiteit, so ook in sy optrede in die sosiale lewe, terwyl menige dom kind sy plek in die gemeenskap met eer, verantwoordelikheid en sukses, vervul.

Dis daarom van die uiterste belang dat,

78) P. Sorokin: Social Mobility, bls. 188.

diegene wat die skoolleerplan opstel, bogenoemde feite van die siftings- en sorteringsproses, wat met die skool geassosiëer word, in gedagte sal hou, en dit, beskou in sy verband met sosiale welvaart.

Hierdie aspek is ook van groot belang in die keuringsproses van studente wat toegelaat word tot die roeping van die onderwyser, om as ware onderwyser opgelei te kan word.

Ook vir die onderwysers en studente, dien die skool as kanaal vir vertikale mobiliteit.

Sorokin gee aan die toetse, wat bepaal, wie moet tot die onderwysprofessie toetree, en hoe die vordering beskou moet word:

1. Dit wat geskiktheid of ongeskiktheid vir onderwys gee, bepaal.
2. Dit wat geskiktheid of ongeskiktheid vir die sosiale posisie van die onderwyser bepaal.
3. Dit wat die rigting en beskouing oor vordering bepaal.

Oor hierdie drie afdelings kan 'n hele boekdeel geskryf word.

Wat vir ons van belang is, is dat die vertikale mobiliteit van onderwysers, die sosiale atmosfeer van die skool op 'n hele aantal maniere affekteer, want 'n onderwyser mag baie besig wees met sy eie promosie en mag die mensemateriaal onverskillig hanteer, sodat hy afbreek, in plaas van opbou.

(d) Die gemeenskap is die geheel, terwyl die skool fragmentaries is. Om 'n analise van die verband en verhouding tussen die skool en gemeenskap te maak, is ons veld van ondersoek egter beperk. Die omvang en ons taak kan egter vergroot word met meer

konkreetheid, as ons dit baseer op die kontakte wat gemaak word tussen die skool en gemeenskap deur die lewens van die individue.

So 'n analise sal moet inpeil en insny tot by die wortels van die werklikheid van die persone wat verbind is aan die skoollewe in die gemeenskap as geheel, en om te probeer om die interkonneksie van hulle lewens mét en sónder die skool te ontdek.

Elke individu verteenwoordig 'n wederkerige rigting van invloed, 'n invloed van die gemeenskap op die skool en 'n invloed van die skool op die gemeenskap. Daarom bestudeer ons die verhouding van die skool en die gemeenskap en die omgekeerde deur persone.

Die gemeenskap het teenoor die jong kinders in hom 'n konvensionele verhouding van kinders tot groot mense - dis 'n houding, 'n gesindheid, vermeng met volop regulasies.

Die eerste kontakte is in die huisgesin self, daarna volg die omgewing, en die ouers wil die jongelinge beskerm teen verkeerde kontakte met negatiewe invloed.

Met sulke kinders het die onderwyser in die skool te doen, daarom word aan die onderwyser dieselfde menigvuldigheid van restriksies toegedig in die gemeenskap.

Elke kind het 'n eienaardige posisie in die gemeenskap, 'n posisie wat net sy eie is en net sy eie alleen, en sy eie beskouing oor die lewe met 'n unieke perspektief.

Elke kind se bande is die van sy huisgesin en hy leef altyd teen die agtergrond van daardie

„eenheid van wisselwerkende persoonlikhede“⁷⁹⁾ - sy ouers, broers en susters.

Verskille van posisie in die gemeenskap, bepaal belangrike verskille in die skool. Die kind se status as die seun van 'n sekere persoon, affekteer sy status in die skool en sy gesindheid tot die skool.

As gevolg van onderskeiding, soos byvoorbeeld, ekonomiese welstand van ouers, verkry kinders soms leierskap bloot op ouers se reputasie. Die situasie is ongesond, want op die basis van sulke onderskeiding word byvoorbeeld, klieke gevorm, die kompetisie is ongesond, omdat dit nie gebaseer is op die meriete van persone wat meeding nie.

Daarenteen, ervaar die kinders van eenvoudige en arm ouers die toestand anders, hulle is nie in die guns van die onderwyser nie, hulle is uitgesluit van die dinge wat uitgesluit word.

Tog is dit verblydend om almal 'n gelyke kans te gee en verdien daardie onderwysers lof en eer wat met groot inspanning en opoffering hoogtepunte bereik met hulle wat weinig kulturele voordele en ekonomiese steun tuis het; so behoort die toestand dan ook te wees.

Daar moet dus gewaak word, om deur middel van ouers se ekonomiese welstand, sosiale status en beroep te differensiëer tussen kinders.

79) E.R.Mowrer: The Family.

2. DIE ONDERWYSER IN DIE GEMEENSKAP.

Die onderwysers het hulle tuistes in 'n bepaalde gemeenskap, hulle lewe en leef daar net soos die ander lede daarvan - ook met ideale, met behoeftes, met 'n daaglikse taak om te vervul, met groot verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap, die Kerk, die ouers, die volk, en die staat, ens.

Die onderwysers is ingeskakel in hierdie onderlinge wisselwerking van al die dele van die geheel, elkeen met sy eie taak, behoeftes en verantwoordelikhede.

Soos die individuele onderwysers onderling verskil in bekwaamheid en deëghheid in hulle klaskamerwerk, so verskil hulle ook met betrekking tot hulle burgerskap en sosiale verantwoordelikheid oor die algemeen.

As 'n beroeps- of professionele groep, het onderwysers in die stelsel van verpligte skoolbesoek tussen die ouderdomme van 5 tot 17 jaar, 'n posisie van uitsonderlike belangrikheid. Met die uitsondering van ouers, kan dit van geen enkele ander beroepsgroep gesê word, dat elkeen persoonlike ervaring het om aaneen met kinders te werk vir sowat tien jaar gedurende sy loopbaan nie.

Die opvoedkundige sosioloog moet die werk van die onderwyser analiseer, die aard van die werk, die mense (leerlinge) met wie die werk gedoen word, die sanksies waarmee dit uitgevoer word, die sake van wrywing, die norme van sukses.

Hy moet die sosiale stand van die onderwyser bepaal deur sy opleiding in aanmerking te neem, sy inkomstevlak, die omgewing waarin die onderwyser leef,

die onderwys en die daaropvolgende beroepe van sy kinders en sulke onderwerpe, ens.

Die kwekeling-onderwyser moet in staat gestel word om die kinders in hulle sosiale verband te verstaan en te sien, en ook om die kwekeling-onderwysers in staat te stel om deur oefening as studentegroep te ontmoet, om hulle eie behoeftes te bespreek (tussen 18 en 20 jaar) - om hulle eie gemeenskap te verstaan.

Hierdie ondersoekingswerk geskied vanselfsprekend onder die persoonlike leiding van 'n opgeleide ervare sosioloog en behoort te dien as die basis van die opleidingskursus vir onderwysers, met die teoretiese sosiale studie as integrerende element in die hele kursus.

Dis onnodig om te sê, hierdie deel van die opleiding is ineenvervleg met sosiale sielkunde.

Die praktiese ondersoekingswerk van die onderwyser in die gemeenskap, bring hom direk in kontak met die ouers van die skoolkindergemeenskap en wel met tweeërlei doel: eerstens, die studie van die omgewing, en tweedens, die vervulling van die doel om hulle sosiale bewuswording te vermeerder.

Die praktiese toepassing van sielkunde (sosiale sielkunde,) word hierdeur aangeleer. Alle soorte omgewings word besoek, werkstoestande, ekonomiese toestande, huislike toestande, geldbesteding, abnormaliteite, invloede goed of sleg, ens., met ander woorde, hierdie huisbesoek van ouers vereis takt, leiding, insig en mensekennis - dit vereis 'n totaalvisie van die situasie wat ondersoek word, sonder dat die ouers dit agterkom, bloot uit belangstelling.

'n Groot saak wat besondere aandag behoort te geniet, is die verskille tussen die stedelike en plattelandse kinders op haas elke gebied.

Sosiologie in die opleidingskursus vir onderwysers, behoort dus 'n belangrike plek in te neem oor 'n tydperk van drie jaar, waarvan twee jaar en meer hieraan bestee behoort te word.

Sosiologie maak nie aanspraak, of, wil nie voorgee om die enigste kursus van belang te wees in die opleidingskursus nie, dog dit vereis 'n gelykstaande plek, feitlik eners en hand-aan-hand met sielkunde as hulpwetenskap tot ons filosofie van die pedagogiek.

Karl Mannheim wys op die betekenis van Sosiologie in die opleiding van onderwysers as volg naamlik, dat sosiologie essensiëel is om die kurrikulum te integreer en kán aan alle studente gedoseer word.

Wat is die huidige posisie van die onderwyser in die gemeenskap?

Ons het reeds aangetoon met watter verantwoordelikheid die onderwyser in die skool en gemeenskap belas is; nou ontrafel ons die posisie en vind die volgende, en watter redes voer ons daarvoor aan?

Die onderwyser is min of meer gewoonlik geïsoleer in die gemeenskap waarin hy leef. Hy is geïsoleer omdat hy dikwels 'n gehoorde buitestaander is, wat sekere vaardighede en sekere gespesialiseerde kennis aan die jeug van die gemeenskap moet bemiddel.

Hy is verstandelik geïsoleer van sy gemeenskap deur sy eie gesindhede; hy is geïsoleer omdat die gemeenskap hom uitskakel, omdat die gemeenskap hom die draer maak van sekere bowe-aardse waardes, en deur aan

hom sekere onderdanige restriksies op te lê.

Die gemeenskap kan die onderwyser nooit verstaan nie, want enersyds is hy iets meer as 'n god, en andersyds is hy iets minder as 'n mens! Met ander woorde, die onderwyser is sielkundig uit die gemeenskap uitgesluit, omdat hy tussen die onderwyser stereotipe moet leef.

Die gevolg van die huiwering van die gemeenskap om onderwysers in hulle geledere op te neem as menslike wesens, is dat onderwysers „klike“ gevorm word. Hierdie neiging by onderwysers het egter sy voordele.

Uit ons eie geskiedenis vertel menige grys-aard van „meester“ en hoedat die lat gefluit het! Die ouers en die samelewing het 'n hoë dunk gehad van „meester“, dit was sy sosiale stand.

Vandag het tug en straf feitlik verdwyn uit die moderne skool; word dit misbruik, volg 'n wetlike ondersoek, met gevolglike tugmaatreëls, dit word in koerantverslae gepubliseer.

Wat is die onderwyser se status vandag? Is dit hoog, of is dit laag?

Dit word vertel dat die sosiale stand van enige professie 'n werklik presiese spieëlbeeld van sy ekonomiese stand is. As die finansiële vergoeding laag is, is dit genoegsame rede, om dit te beskou as een van die minder geëerde professies om na te streef?

Dis egter grotendeels onwaar, want op die platteland, is die ekonomiese stand van menige onderwyser uitstaande bo die van andere in sy gemeenskap.

Per slot van sake is finansies nie die maatstaf in die lewe nie, daar is hoër waardes ook, dog die tasbare middel moet die liggaam toehou en warm hou, om gesond te kan lewe en om 'n gesonde gees te kan inhou.

'n Verdere oorsaak van onderwysers wat geïsoleerd is in die samelewing, word deels gereflekteer deur die stereotipe onderwyser en deels deur die bepaling van daardie opinie.

Hierdie oorsaak moet toegeskryf word aan die karikatuur van die stereotipe en die metodes wat hy aanwend om kontrole te hê oor die kinders, met ander woorde, onderwyser dominasie en kinder subordinasie.

Die gemeenskap darenteen, veralgemeen dit, die veralgemening bly voortbestaan, terwyl die feite ontbreek. Hierdeur boet elke geslag onderwysers vir die sonde van die vorige generasie.

Hierdie oogpunt lyk miskien tot 'n mate oordrewe, dog uit die mond van die publiek word dit bewys en veral in die stad.

Op die platteland is die posisie egter heelwat verskillend. Met verwysing na die afgesonderde plaasskole vind ons „meester” as die raadgewer in feitlik enige situasie. Daar ontbreek die respek en eerbied jeens sy persoonlikheid in die gemeenskap nie. Die verhoudinge wat daar bestaan is eg en persoonlik van aard, daar is hartliker samewerking en hoogtepunte word bereik.

Wanneer die onderwyser in die stad ook lank genoeg in 'n bepaalde omgewing woon, word die indrukke wat hy maak op sy omgewing, daar ook hoe langer hoe meer blywend van aard - die kennismaking met sy bure,

hulle onderhoude insake gemeenskaplike belange, wen stadigaan veld, terwyl die gesindheid teenoor die stereotipe onderwyser begin wegvaag en al meer plek maak vir die onderwyser as mens - as een van hulle eie in die bepaalde gemeenskap.

Hierby kom natuurlik nog die feit dat die onderwyser in sy christelike lewens- en wêreldbeskouing as kultuurdraer en -oordraer, in die meeste gevalle verkies word om te dien op die Kerkrade, hetsy as ouderling, hetsy as diaken, waardeur sy kontakte persoonlik van aard word met die huisgesinne as gemeenskappe in sy omgewing.

Ook dit verstewig sy invloed en versterk die band van die gemeenskap, om in Christus verenig te wees, met jou broer en suster deur bande van die geloof en liefde.

Dit versterk dan sy verband met die ouerhuise (skoolkinders,) die Kerk (gemeenskap van die heiliges,) tot 'n hechter, groter eenheid in die bepaalde gemeenskap - die onderwyser word gesien en later geken as christen, as mens en as een van hulle.

Daar is samewerking tussen skoolkommissie-lede, wat die ouers van die gemeenskap verteenwoordig en die hoof van die skool wat die skool se onderwysers en kinders verteenwoordig.

Om die band van samewerking tussen onderwysers en ouers van die skoolgaande kinders hechter te snoer, word Skoolkonserte, Atletiekbyeenkomste, Kunswedstryde en ook Ouerdae georganiseer, waar én onderwyser én ouer én kind se talente op die een of ander wyse geopenbaar word.

Ons kan talle van voorbeelde opnoem, dog

in hooftrekke mag ons volstaan met bogenoemde.

In Volgende uiters delikate saak is: die burgerlike status van die onderwyser in die samelewing.

Professor J. Chris Coetzee haal aan „een van die groot redes vir die huidige tekort aan onderwysers word deur verskillende mense aangegee as die gebrek aan volle burgerlike regte waaronder ons onderwyspersoneel gebuk gaan. Dit word beweer dat onderwyserspersoneel deur allerlei regulasies so gekniehalter word dat hulle feitlik nie vrye burgers van ons land is nie.”⁸⁰⁾

Op ten minste twee terreine van die lewe mag onderwysers hulle sowel binne as buite die skool nie ten volle uitlewe nie - die een is op nasionale en die ander op godsdienstige gebied.

By die opvoeding en onderwys is dit twee essensiële, maar ook twee gevaarlike terreine. Reeds tevore is daarop gewys dat hulle essensiël is omdat iemand se lewens- en wêreldbeskouing opgebou is uit sy nasionale oortuigings sowel as sy Godsdienstige beskouings en 'n inherente deel uitmaak van sy filosofie vir die opvoeding en onderwys.

Van watter mense gaan die opvoedende krag uit, van die manne en vroue as onderwysers(-esse) wat elkeen rekenskap kan gee van sy beskouinge oor land en volk, en oor sy Skepper, of van daardie kleinblinde, ongevoelige objektivis, sonder lewenskeuse?

Godsdiens en nasionaliteit is essensiël by die opvoeding en onderwys, maar hulle is ook gevaarlike terreine. Word hulle egter weggelaat, word alle persoonlikheid en lewe daaruit geneem.

Wat is dan die gevare hieraan verbonde? Dit naamlik, dat geen ouer sal toelaat dat sy kind onderrig

80) Onderwysblad, Nommer 620 Deel LV 1 Junie 1951, „Op en Aan burgerskap en onderwysers” J.Chris Coetzee, bls. 3.

sal word in 'n ander godsdienste en nasionalisme wat bots met sy eie opvoeding van die kind tuis nie.

Vir die ouer met 'n christelike lewens- en wêreldbeskouing, met 'n egte standpunt, moet die onderwyser wat ware opvoeder wil wees, ook sy diepste oortuigings uitleef ook by die skoolopvoeding. Dan moet ouer en onderwyser eners dink, voel en wil.

Wat staan die onderwyser te doen met kinders wat voor hom sit uit verskillende huise met uiteenlopende beskouings? Hy moet almal opvoed en onderrig, en hoe moet hy sy godsdienstige en nasionale beskouing versoen met kleurloosheid soos die onderwyserwet in wese van hom eis, sonder om sy eie beskouing op die kinders af te dwing, of, sonder om as propagandis daarvan te mag optree?

Hy moet die oortuigings van die kinders eerbiedig en doen dit ook - maar, moet hy swyg oor sy eie? Hy kan nie, want dit straal uit sy hele onderwys en optrede. Die onderwyser moet onderwys en optree volgens sy oortuiging as voorbeeld, en nooit as propagandis nie.

Die kinders moet weet wat sy standpunt is en deur sy voorbeeld moet die kinders leer om mekaar se standpunt te verstaan, te waardeer en te eerbiedig.

Nou is die onderwyser volwaardige burger, wat hom kan uitleef op godsdienstige en nasionale terrein en sy plek kan volstaan in die gemeenskap, op elke gebied - hy is volle burger!

Wat is die posisie vandag? Die verstandige onderwyser mag hom empiries burgerlik uitleef, met ander woorde, die onderwyser wat groot genoeg is om volle eerbied en waardering vir almal se oortuiging

te hê, maar ook groot genoeg om sy eie oortuiging sonder propaganda, opdringing of kwetsing uit te leef en verwag dat andere ook sy oortuiging sal eerbiedig en waardeer. Hier moet bygesê word, min onderwysers kry dit reg!

3. Ouers en Onderwysers.

Oor die algemeen is daar veel gesê oor die verhouding tussen onderwysers en ouers. Vanuit die ideale oogpunt, het ouers en onderwysers baie gemeenskaplik, omdat ouer én onderwyser wens dat sake verloop tot beswil van die kinders.

Die onderwyser as lid van 'n opvoedkundige instelling, begeer die skolastiese welvaart van die kinders, ten koste van ander aspekte van ontwikkeling, terwyl die ouers gewoonlik die standpunt inneem van 'n meer harmoniese ontwikkeling.

Die fundamentele konflik tussen die skool en ouers word benadruk deur die feit dat ouers en onderwysers betrokke is en verskillend gerig is, tot groepslewe wat die kind raak.

Vir die ouer darenteen, is die kind die medelid naaste aan hom van alle primêre groepe, met 'n resulterende warm persoonlike gesindheid jeens hom.

Die onderwyser sien die kind hoofsaaklik as lid van 'n sekondêre groep oor wie hy kontrole moet uitoefen deur die meganismes van sekondêre groepslewe.

Die ouer darenteen word gesteun deur sy persoonlike gesindheid teenoor sy kind omdat hy betrokke is in verskeie sosiale groepe, waarin dit die gebruikelike gesindheid is teenoor kinders. Die onderwyser is betrokke in 'n groep onderwysers waar die aangewese gesindheid in daardie groep onpersoonlik is.

Hieruit ontstaan die futiliteit van ouer-
onderwyser werk soos dit gewoonlik gedoen word. Ouer-
onderwyser werk is gerig op samewerking tussen die twee
met betrekking tot die kinders, soos die onderwyser
die kind sien.

Die konflik tussen ouers en onderwysers is
natuurlik en onvermydelik en dit mag wees dat die
kinders beter vorder deur onpersoonlike verhoudings of
deur persoonlike verhoudings.

Die ouer verteenwoordig die gemeenskap en
die onderwyser die skool. 'n Langtermynproses van
aanpassing tussen skool en gemeenskap vind plaas en
die konflik tussen ouers en onderwysers in slegs 'n
gedeelte van die langtermynproses.

Konflikte kan ook persoonlik van aard wees,
naamlik, waar die ouer in konflik kom met die onder-
wyser. Dis nie genoeg om 'n filosofie van konflik te
ontwikkel nie, aandag moet gegee word aan die besonder-
hede van hierdie persoonlike interaksie en die tegniek
waardeur dit gekontroleer kan word, as ons iets van
waarde wil aanbied aan diegene, wat graag die skool
wil verstaan.

Ontmoet die beswaardes vriendelik en gebalan-
seer, om deur voorkoms, die rusiemakers te ontmoedig
in hulle definisie van die situasie.

Daar is talle van ontwapenende tegnieke wat
ingespan kan word om die saak op te los. Bly kalm,
verhoor die saak, los dit op saam met hom, nooi hom
uit en span hom in tot diens van die skool. Die
onderwyser moet kalm en besadig bly om deur middel van
sielkundige tegniek en nie deur argumentering nie,
sy saak te wen.

Samewerking tussen ouers en onderwysers is van die uiterste belang vir skool én kind.

4. Die Aparte Kultuur van die Skool.

Te enigertyd en in enige gemeenskap, is die vernaamste deel van die werk van 'n skool, om die voorafbestaande gemeenskapstandaarde aan die kinders oor te dra.

Die spesiale kultuur van die klein kind groei in die wêreld van speel, of, spel. Dit geskied in belang van die volwasse sosiale wêreld.

Die bende-stadium, is 'n studie van konflik tussen die bestaande sosiale orde en die tussengroep wat later ontstaan en sterk gegroei het in dele van die gemeenskap waar die volwasse orde nie standhou vir die bende nie.

Wat somtyds 'n ernstige aktiwiteit vir die volwassene was, word voortgesit in die spontane spel van die kind. Feëverhale, vegtery, die gebruik van die pyl en boog, ens., wat sy waarde verloor het in die volwassene se wêreld, het 'n sekere waarde behou in die kind se begrippewêreld.

Om die invloed van die skool uit te brei, vind ons georganiseerde spel en sport, byvoorbeeld, rugby, korfbal, krieket, volkspele, atletiek, hokkie, jukskei; nog ander vorme is byvoorbeeld, Voortrekkers, kadette, en nog ander in noue verband en korrelasie met skoolwerk en die klaskamer, byvoorbeeld, konsertwerk: musiek, sang, voordrag, koorsang, toneelopvoerings, sangspele, gebarespel, liggaamsoefeninge, ens., ens. Dit is ander vorme van die aparte kultuur van die skool.

Dit het almal bepaald vormende invloed op die ontwikkelende kinderpersoonlikheid, wat die ouergemeenskap en die skool, deur middel van prestasies van die ouers se kinders, die skoolkinders hefter saamtrek, met 'n gevoel van ouertrots en belangstelling in hulle kinders en die skool.

4. Die Plek van die Jeug in 'n Gemeenskap, in die Algemeen.

By 'n analise van hierdie probleem, naamlik, Jeug in ons gemeenskap, het ons te make met twee aspekte, wat ons die beste kan behandel na aanleiding van twee vrae: Wat kan die Jeug aan ons gemeenskap gee: Tweedens, wat kan die Jeug van die gemeenskap verwag?

Wanneer ons die eerste vraag beantwoord, naamlik, wat is die betekenis van Jeug in 'n gemeenskap en wat kan die Jeug bydra tot die lewe in 'n gemeenskap, bevind ons ons by die sosiologiese benadering tot hierdie probleem.

Dis dan ook duidelik, dat die sosioloog veral belang stel in die konkrete aard van die gemeenskap, waarin die Jeug leef en waartoe die Jeug sy bydrae sal moet lewer en nie soseer in die onderwys en onderrig van die Jeug nie.

In die sielkunde en sosiologie van onderwys en opvoeding, is daar elemente van algemene belang, dog ons bereik volledigheid slegs wanneer die algemene benadering aangevul word deur 'n analise van die historiese agtergrond en konkrete situasies, waarin en waarvoor die Jeug voorberei en toeberei word.

'n Tweede afwyking van onderwys en onderrig volgens die algemene opvatting in terme van sosiologiese

benadering, is dat dit aan **Jeug** dink in terme van
komplete wisselwerking - van gee aan die gemeenskap
en ontvang van die gemeenskap.

Dit lei ons dan tot die vraagstelling van
die behoeftes en voornemens van die Jeug in 'n gegewe
gemeenskap.

"Our modern educational movements of the
last decades, healthy as they were in realizing for
the first time the rights of Youth and its genuine
needs, were still limited and one-sided in that they
over-emphasized the claims of Youth without paying due
attention to the needs and claims of society."⁸¹⁾

Aan die anderkant weer, maak Mannheim die
beskuldiging dat die moderne opvoedkundige stroming
met sy eksperimentele skole, glo dat die lewe van die
kind feitlik net met geluk besaai moet wees. "The
Century of the Child" believed that every period of
life was selfsufficient and had its own exclusive
rights, and thus disregarded the equally important
forces making for reciprocity between age-groups and
society."⁸²⁾

Verder sê hy: "... they pamper the child and
reduce in him the potentialities of adjusting himself
to adverse situations."⁸³⁾

Wat was die toestand en wat is die toestand
met betrekking tot die opvoedkunde?

Waar die outoritatiëwe opvoedkunde blind
was vir die lewensbelangrike en psigologiese behoeftes
van die kind, het die laissez-faire stroming van die
Liberalisme, die gesonde ewewig tussen die enkeling

81) Mannheim K.: Diagnosis of Our Time. Bls. 31.

82) Ibid., bls. 32.

83) Ibid.; bls. 31 - 32.

en die gemeenskap versteur, deurdat die aandag feitlik uitsluitlik toegespits was op die enkeling, terwyl die konkrete omgewing van die gemeenskap, waartoe die enkeling sy bydrae moes lewer, totaal buite rekening gelaat was.

a. Die Sosiologiese Funksie van die Jeug in 'n Gemeenskap in die Algemeen.

Ten eerste moet gemeld word dat die belangrikheid van die Jeug in alle gemeenskappe nie eners is nie.

As twee teenstellende voorbeelde in hierdie verband, noem ons Sjina, waar die ouer geslag met betrekking tot prestige, veel meer gewig dra as die Jeug. Vergelyk hiermee die Verenigde State van Amerika, waar 'n man van veertig jaar, as onbekwaam vir 'n werk beskou word, terwyl die jeug se arbeid in groot aanvraag is.

Dis nie slegs met betrekking tot prestige van die jeug dat gemeenskappe verskil nie, maar ook, of die jeug geïntegreer is in groepe, of, organisasies wat die loop van sake beïnvloed.

Hier verwys ons na spontane Jeugorganisasies soos byvoorbeeld, in Duitsland, terwyl Italië, Japan en Rusland verpligte Jeugorganisasies het wat geskoei is op militêre lees.

Die sosiologiese probleem is nou, hoewel daar steeds nuwe geslagte in terme van ouderdomsgroepe ontstaan, hang dit af van die aard van so 'n gegewe gemeenskap of dit daarvan gebruik gaan maak, aldan nie.

Ook hang dit af van die sosiale struktuur van so 'n gemeenskap hoe dit daarvan gebruik maak.

Mannheim sê: „Youth belongs to those latent resources which every society has at its disposal and on the mobilization of which its vitality depends.”⁸⁴⁾

’n Belangrike probleem van die funksie van die Jeug, hang af van die gebruikmaking van die latente kragte wat in die Jeug verskuil lê.

Om maar een voorbeeld te noem, verwys ons na Mannheim as hy sê: „Victory depends on the absorption of the last unemployed, on the use made of women in industry and on the use made of capital.”⁸⁵⁾

Verder noem Mannheim die volle gebruik van daardie psigologiese reserwe wat in die nasie se brein lê, die mobilisasie van die kapasiteit van opoffering, moed, uithouvermoë en inisiatief.

In tye van krisis, kan die regte mobilisasie van hierdie basiese gesindhede skielik gereorganiseer word met groot sukses.

In normale tye, bly hierdie basiese gesindhede latent.

Daar is statiese en dinamiese gemeenskappe. By eersgenoemde, berus die prestige by die ouer mense en bly die lewenskragtigheid van die Jeug latent en integreer nie in ’n organisasie nie.

In ’n statiese gemeenskap, wat slegs langsaam ontwikkel, waar die verandering relatief laag is, sal die verandering hoofsaaklik gebaseer wees op die ervaring van die ouer geslag.

Hulle opvoeding en onderwys sal gebaseer wees op die oordraging van tradisie, terwyl die

84) Ibid., bls. 32.

85) Ibid., bls. 33.

onderwysmetodes slegs reproduksie en herhaling sal wees.

Daardie lewenskragtige en geestelike reserwes van die Jeug word opsetlik verwaarloos, omdat daar geen doelbewuste poging is om weg te breek van die bestaande neigings in die gemeenskap nie.

In teenstelling met die statiese gemeenskap vind ons die dinamiese, wat 'n nuwe begin wil maak, afgesien van hulle sosiale of politieke filosofie, en dit sal ook veral afhang van die samewerking van die Jeug.

Deur organisasie sal hierdie lewensbelangrike kragte van die Jeug ingespan word om die reeds vaststaande rigting van sosiale ontwikkeling te verander en selfs te breek.

Selfs in gevalle van rewolusie of hervorming, moet dit gedoen word deur die Jeug.

Die ouer geslagte mag die aard van so 'n verandering vooruitsien en deur hulle skeppende verbeelding, die nuwe riglyne uitstippel, dog van belang is dié feit, dat die jonger geslag dit sal uitleef wat vir die ouer geslag slegs in teorie bestaan het.

Gevoel, emosie en denke is van sosiale belang, slegs as dit geïntegreer is. Om slegs een voorbeeld te noem naamlik, die onderdrukte slawe. Solank die ontevredenheid slegs as geïsoleerde ervaring van individue bestaan het, was dit sosiaal onbelangrik. Slegs toe die sentimente geïntegreer was in 'n beweging teen slawerny, met ander woorde, 'n sosiale beweging, was van die algemene gevoel en handeling oorgegaan tot sosiale funksies en die uiteindelijke Vrymaking van slawe.

Wat is nou die aard van die potensialiteite wat die Jeug verteenwoordig, en deur watter vorme van integrasie kan die oorgang bewerkstellig word tot funksie?

Die beslissende feit insake die puberteitstadium vanuit ons standpunt is, dat die Jeug die publieke lewe betree.

In ons moderne gemeenskap is dit dan die eerstekeer dat hulle die lewe sien as 'n chaos van teenstellende waardes.

Hierdie feit is dan ook oorsaak dat die Jeug die voorbestemde baanbrekers word van feitlik enige verandering in die samelewing.

Mannheim sê, Jeug is nog progressief, nog konserwatief van natuur. Tot die puberteitstadium leef die Jeug hoofsaaklik in sy gesin, waardeur sy gesindhede grotendeels gevorm word deur die emosionele en intellektuele tradisies wat daarbinne heers.

Die adolessentestadium, bring hom in kontak met sy bure, sy gemeenskap en sekere sfere van die publieke lewe.

Sosiologies, betree hy nou 'n nuwe wêreld, waar die gewoontes, gebruike, ens., en waardesisteme verskil met die wat sover aan hom bekend is.

Wat vir die volwassene 'n alledaagse gebruik en gewoonte is, is vir hom 'n uitdaging. Hierdeur verkry hy die motief tot aansluiting by dinamiese sosiale organisasies of bewegings, omdat hy moeg is van die bestaande toestande terwyl hy nog geen gevestigde belange het nie.

"In the language of sociology being young mostly means being a marginal man, in many respects

86)
an outsider."

Dit hang dan ook af, of hierdie invloede van buite, die Jeug se potensialiteit gaan onderdruk of mobiliseer en integreer in 'n beweging.

In breë trekke is dit dan die plek en funksie van die Jeug in 'n gemeenskap.

86) Ibid., bls. 36.

Hoofstuk VI

SAMEVATTING:

Uit ons ondersoek van hierdie verhandeling het sekere aspekte van die opvoeding en onderwys duidelik na vore getree.

Wat die filosofiese grondslae van die opvoeding en onderwys betref, word nogal veel aandag gegee aan die huidige opleiding van onderwysers en dat hierdie vak homself goed gehandhaaf het in die kursus van onderwysers.

Dit kan eintlik ook nie anders nie, omdat die opvoeding en onderwys ten slotte te doen het met die laaste waardes in die menslike lewe.

Hierby kom dan nog dat ons sekere norme nodig het vir die opvoeding en onderwys. Hierdie norme word verskaf deur die filosofie van die opvoedkunde.

Die taak van die pedagogiek as wetenskap is dan eintlik om hierdie norme wat die wysbegeerte aan ons gee pedagogies te verwerk sodat dit aanpas by die mens wat opgevoed word naamlik, die opvoedeling.

Wat is nou eintlik op die oomblik die toestand van die filosofie van die opvoedkunde in ons opleidingskolleges?

Uit ons ondersoek het geblyk dat daar 'n groot verskil in opvatting bestaan oor wat die omvang van so 'n kursus moet wees. Dat in die verband van ons hele ondersoek het ons bywyse van illustrasie die drie opvattinge van so 'n kursus krities behandel.

In die verband van ons hele ondersoek was dit nie eintlik nodig om dieper in te gaan op hierdie sake nie, omdat ons hier te doen het met 'n inleiding tot die hele ondersoek.

Wat die psigologiese grondslae betref soos uiteengesit in Afdeling 2 van ons ondersoek, het ons hier 'n identiese posisie met die filosofiese grondslae. Ook dit is 'n gevestigde vak in die opleiding van onderwysers.

Uit ons ondersoek het vervolgens geblyk, dat Sielkunde oor die algemeen, ook oor 'n betreklik gevestigde inhoud beskik en dat daar eenstemmigheid bestaan oor so 'n inhoud.

Nogtans het dit wel geblyk dat ook hier ruimte is vir verbetering en wel in die sin dat hierdie kursus meer aandag moet gee aan die „actual out of school experience which is meaningful to them.“ Met ander woorde, hierdie kursus moet ook rekening hou met die daaglikse ervaring van die kind soos hy handel buite die mure van die skoolgebou.

Hieruit volg dat 'n kursus in die Sielkunde en meer in die besonder Kindersielkunde, 'n sterk sosiale inslag moet hê.

In die praktyk beteken dit dat die onderwyser 'n beter kennis sal moet dra, en desnoods eksperimentele werk verrig buite die skoolmure. Alleen langs hierdie weg kan hy 'n insig verkry in die buiteskoolse agtergrond, aktiwiteite en belangstelling van die kind.

Vanselfsprekend sal dit bydra tot 'n verdieping van die kennis van die onderwyser insake die opvoeding. Wat hierdie punt betref, word hierdie opvatting algemeen erken in ons opleidingsinrigtinge.

Wat ons hier eintlik beoog is werklike ernstige wetenskaplike ondersoek van die psigologiese

verskynsels uit die kinderlewe, en nie die hedendaagse populêre opvatting nie, wat eintlik hierop neerkom dat die onderwyser opgesaal word met die toesig oor buitemuurse aktiwiteite, wat los en naas sy psigologiese vorming staan.

Wat die Sosiologiese grondslae van die opvoeding en onderwys betref het ons te doen met 'n ernstige leemte in die opleiding van onderwysers. Op geeneen van ons opleidingskolleges word ernstige aandag gewy aan die sosiologiese grondslae van die opvoeding en onderwys nie - laat staan die feit dat daar so 'n vak in die leergang bestaan!

In ander lande van die wêreld byvoorbeeld Amerika en Engeland, het 'n duidelike kentering ingetree en word daar gepleit vir die invoering van opvoedkundige sosiologie in die opleiding van onderwysers.

Hierdie kentering is die gevolg van die feit dat allerweë besef word dat ons in 'n krisistydperk lewe.

In hierdie verband verwys ons slegs na die werk van Mannheim wat in die voorafgaande in besonderhede behandel is.

In hierdie krisissituasie is dit absoluut noodsaaklik dat die onderwyser in staat sal wees om kennis te dra hiervan, omdat ook die skool en die hele opvoedingstelsel in gedrang kom.

Hiervoor sal dus nodig wees, dat in die professionele opleiding van onderwysers 'n intensiewe studie gemaak moet word van hierdie oorgangstydperk insover dit die opvoeding en onderwys betref.

Hiervoor is nodig 'n sosiologiese vorming op ons opleidingsinrigtinge vir onderwysers, wat hierin bestaan dat:

1. Hy of sy 'n insig sal hê in die krisis waarin die menslike samelewing op hierdie stadium in die algemeen verkeer, en in die algemeen oor die aard en omvang van hierdie kultuurkrisis.
 2. 'n Tweede eis is dat die onderwyser 'n sosiologiese benadering van die opvoeding en onderwys moet besit.
- Wat in die besonder hieronder verstaan word is reeds in die voorafgaande uiteengesit, histories sowel as aktueel.
3. Die sosiologiese struktuur van die skool as een van die vernaamste samelewingsverbande naas die gesin, Kerk, Staat, ens.
 4. Die plek van, die taak en roeping van die onderwyser in die menslike samelewing.
 5. Die sosiologiese beskouing van die verskillende vakke van die skoolleerplan.
 6. Die plek, taak en bydrae van die Jeug in die menslike samelewing.

Samevattend kan ons as eis stel dat die opvoeder die nodige sosiologiese perspektief moet besit, wat ook rekening sal hou met die eie geaardheid van die opvoedeling, sy gawes en talente, sy eie taak en roepingsbesef in die menslike samelewing. In die woorde van Buber: "... the genuine educator does not merely consider individual functions of his pupils, as one intending to teach him only to know or be capable of certain things; but his concern is always

the person as a whole both in the actuality in which
he lives before you now, and in his possibilities,
87)
what he can become."

Hiertoe wil hierdie studie 'n bydrae wees.

oooooooooooooooo000oooooooooooooooo